

die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 391 • Mei 2026



*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag
van God en die wysheid van God – 1 Korinthiërs 1:23-24*

INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

Geestelike groei

REDAKSIONEEL

Ds. Schalk Strauss

Koningsdag! 1

AMPTELIK 3

PINKSTERREEKS

Ds. Danie Malan

Geestelike groei 4

HOOFARTIKEL

Uitverkiesingsdoel: Aan God gelykvormig

Ds. Willem van Schalkwyk 16

ARTIKELS

Ds. Joubert Ferreira

Geestelike groei begin by 'n lewende verhouding met Christus 18

Ds. Johann Trollip

Geestelike groei onlosmaaklik verbind aan die Heilige Gees 20

Ds. Jaques Boonzaier

Geestelike groei: Afsterwe van die ou mens; opstanding van die nuwe mens 22

Ds. Lourens Prinsloo

Hoe kan lyding my geestelik laat groei? 24

Ds. Fredry Pretorius

Christus bid vir sy kinders 26

Ds. Greyling van Rooyen

Mentorskap wat geestelike groei stimuleer 28

AKTUEEL

Skoolverlaterskamp 14

Hemelvaartmanifes 15

Blokkiesraaisel 23

Brief 29

Gemeentenuus 30

Smeltoond binne agterblad

IN DIE SPORE VAN GISTER

Dr. Pieter Mulder

Eensydige amnestie en die onderhandelinge van die 90's 34

VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER

Pieta Oosthuizen

Geestelike groei 35

IN DIE VOLGENDE UITGAWE:

In die Junie-uitgawe
fokus ons op identiteit.
Wie is ek in Christus?
Wat vorm jou identiteit?

VOORBLAD:

'n Visuele voorstelling van
geestelike groei. Wanneer God
ons red, is dit met die oog op
geestelike volwassenheid – die
volle grootte van Christus.

REDAKSIE

Eindredakteur

Ds. HSW Strauss

Subredakteur

Mev. C Möller

Redaksielede

Di. RK Combrink,
EC Trollip, A Hough

Advertensies en briewe

Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie
noodwendig met alle uitsprake of
menings hierin opgeneem nie.*

BELANGRIKE TELEFOONNUMMERS EN ADRESSE

**Gemeenskaplike
Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel

Tel.: 012 362 1390

Makoustraat 516,
Monumentpark x2

e-pos: info@apk.co.za

Webblad: www.apk.co.za

**Die Afrikaanse
Protestantse Akademie**

Tel.: 012 344 3960/1/2

e-pos: info@apa.ac.za

Webblad: www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:


BusinessPrint

Bladuitleg:

Die Boodskapper: M Langeveldt
Jeugboodskapper: R Grobler

Uitgegee deur:


Lig in Duisternis
UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za



Koningsdag!

Ds. Schalk Strauss

Die 27ste April is nie net in Suid-Afrika 'n vakansiedag nie. Dit is een van Nederland se belangrikste vakansiedae. Anders as in Suid-Afrika, heet dit nie Vryheidsdag nie, maar Koningsdag. Die viering van hierdie dag het in 1885 begin toe dit die eerste keer as Prinsessedag ter herdenking van prinses Wilhelmina se verjaarsdag gevier is. Later het die naam na Koninginnedag verander en toe prins Willem-Alexander as Nederland se koning gekroon is, het dit Koningsdag geword.

Die dag word deur miljoene Nederlanders gevier. In Amsterdam alleen lok die dag jaarliks tussen 600 000 en 'n miljoen besoekers. Dit is 'n feestelike geleentheid wat met oorgawe en opwinding gevier word. Mense trek oranje aan, verf hul gesigte oranje, swaai oranje vlag, die strate, winkels en markte is oortrek met oranje versierings – alles ter ere van die monarg uit die koninklike lyn van die Huis van Oranje-Nassau.

Hemelvaart: Wêreldwye Koningsdag

Op 14 Mei vanjaar vier ons die hemelvaart van ons Koning, Jesus Christus. Dit is inderdaad die grootste en belangrikste troonbestyging in die geskiedenis van die mensdom. Dit is nie 'n mistieke of simboliese gebeurtenis

nie, maar die begin van die enigste en ware nuwe wêreldorde. Dit is die dag toe Christus sy oorwinning oor die dood bevestig het met die uitspraak dat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee is (vgl. Mt. 28:18).

**Dit is die dag waarop
Hy sy plek aan die
regterhand van die
Vader ingeneem
en die septer van
heerskappy aan Hom
oorhandig is.**

In hierdie sin sal ons van Hemelvaartdag as “Wêreldwye Koningsdag” kon praat. Dit is 'n dag wat al bykans tweeduisend jaar lank deur gelowiges wêreldwyd gevier word. 'n Mens sou verwag dat hierdie dag ter ere van die Prins van Vrede, uit die koningshuis van Dawid, die verbeelding van elke gelowige wêreldwyd sal aangryp. 'n Mens sou verwag dat hierdie Koningsdag baie groter aftrek sou kry as die een in Nederland, aangesien die impak daarvan baie meer omvattend en bevrydend is. Dit bied immers die geleentheid om onomwonde ons getrouheid en lojaliteit aan die Koning van die konings te bewys. Dit is 'n dag waarop gelowiges die geleentheid het om die belangrikste politieke stelling te maak wat hulle ooit

sal maak – een wat alle aardse gesag uitdaag: Daar is net een ware Koning!

Simboliese ontkenning van Christus se oppergesag

In talle Afrikalande word Hemelvaart steeds as openbare vakansiedag gevier, onder andere Benin, Botswana, Burkina Faso, Burundi, Kameroen, Sentraal-Afrikaanse Republiek, Kongo, Gaboen, Ivoorkus, Lesotho, Madagaskar, Mayotte, Namibië, Senegal en Togo. In 1994 het 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika aangebreek. Baie dinge het verander. Een daarvan is dat Hemelvaartdag deur die ANC-regering as amptelike vakansiedag van die kalender verwyder is. Die amptelike rede wat vir hierdie stap aangevoer is, is dat dit 'n poging was om 'n meer inklusiewe gemeenskap te skep. Dit is egter net 'n rookskerm. Ten diepste is dit rebellie teen die ware Koning. Dit verhef die staat of demokrasie tot die hoogste gesag wat uiteindelik die laaste sê oor sake wil hê.

Dat opstand teen en die uitdaging van Christus se gesag die ware motief van die verwydering van hierdie vakansiedag was, word tans baie duidelik met die hele kwessie oor godsdiensregulering. Die CRL-kommissie se voorstelle om die godsdienssektor te reguleer en

in besonder hul kritiek teenoor veral die Christelike sektor, wys duidelik hul ware kleure. Soos Satan Christus versoek het om voor hom te buig in ruil vir die koninkryke van die wêreld, versoek die staat die kerk om voor hom te buig in ruil vir sogenaamde godsdiensvryheid.

Die afskaffing van Hemelvaartdag as amptelike vakansiedag, was 'n keerpunt in Suid-Afrika se geskiedenis en het die weg vir 'n sekulêre samelewing gebaan waarin die gesag van Christus ontken word.

De facto-Koningsdag

Lig in Duisternis Uitgewers het onlangs 'n Hemelvaartveldtog geloods. 'n Manifest is opgestel waarin die belangrikste waarhede wat gelowiges met betrekking tot Christus se hemelvaart en troonbestyging bely, uiteengesit word.¹ Die doel van hierdie veldtog is om 'n beweging tot stand te bring. Dit bied die bykans 80% van Suid-Afrika se inwoners wat hulself as Christene beskou, die geleentheid om nie net op 'n sensusvorm te merk dat hulle Christene is nie, maar in die openbaar standpunt in te neem deur hul geloof in die opgestane Here Jesus konkreet te bely en sy koningskap te erken.²

Die manifest bely:

- dat Christus se hemelvaart die grootste troonsbestyging in die geskiedenis is;
- dat Hemelvaart 'n politieke en openbare gebeurtenis is wat alle gesag uitdaag;
- dat die kerk 'n mandaat het om met moed te preek, te bid en te dien;

- dat menswees waarde het omdat Christus ons menslike natuur saamgeneem het in heerlijkheid;
- dat gebed en daaglikse lewe geanker is in die werklikheid van Christus se troon.

**Alle Christene in
alle sfere van ons
samelewing word
hierdeur tot aksie en tot
die openbare belydenis
van Christus se
heerskappy opgeroep.**

Gemeentes, skole, organisasies en instansies word aangemoedig om daadwerklik die hemelvaart van Jesus Christus te erken. Hierdie veldtog is in der waarheid 'n poging om, selfs al weier die regering om Hemelvaart as vakansiedag te erken, 'n de facto-Koningsdag te vestig. Wanneer gelowiges kan saamstaan en 'n realiteit skep wat die regering nie kan ignoreer nie, maak dit nie saak of dit 'n amptelike vakansiedag is of nie. Wanneer Christene eenparig op hierdie dag die knie voor Christus buig deur nie te gaan werk nie, hul werknemers verlof toe te staan, hul skole te sluit, as organisasies en instansies openlik standpunt in te neem en as gesinne saam 'n erediens by te woon, dra dit 'n oorverdwende boodskap oor. Dit sal die belangrikste politieke standpunt wees wat gelowiges kan inneem – een wat enige regering sal laat sidder.

Basiese vertrekpunt

In hierdie Pinksteruitgawe val die klem op die tema van geestelike groei. Die hemelvaart van Jesus Christus vorm die basiese

vertrekpunt vir geestelike groei. Die seker wete dat Jesus Christus die sonde oorwin het, uit die dood opgestaan het en as Oorwinnaar aan die regterhand van die Vader regeer, is die fondasie waarop geestelike groei gebou word. Die Een aan wie alle mag in die hemel en op aarde behoort, het sy Gees oor sy kinders uitgestort om kragtig in hulle te werk en hulle deur die krag van sy sterkte tot persoonlike heiligmaking en oorwinning te lei.

Dit is egter meer as net 'n persoonlike waarheid vir individuele gelowiges. Aangesien Christus alle mag “in die hemel en op aarde” ontvang het, is dit 'n kosmiese waarheid met kosmiese impak. Daarom behoort dit nie net 'n invloed op ons persoonlike lewens en ons eie geestelike groei te hê nie, maar bied dit die gronde vir gelowiges om Christus se heerskappy openlik en aktief in elke aspek van die lewe – die gesinslewe, die inrigting van die samelewing, die strukturering van die ekonomie en die politieke orde – te erken.

Mag ons hierdie Pinkstertyd bid vir die kragtige werking van die Heilige Gees sodat ons in heiligmaking kan toeneem. Mag die Gees ons lei om tydens Hemelvaart met oorwinningsvrymoedigheid onbevrees standpunt in te neem deur openlik en onbeskaamd die knie voor Christus alleen te buig totdat Hy weer kom. Hemelvaart is immers Koningsdag – nie vir die Huis van Oranje-Nassau nie, maar vir die Huis van Dawid!☺

1. Lees dit gerus op bl. 15.

2. 'n Petisie aan die regering ter ondersteuning hiervan kan hier geteken word: www.liginduisternis.co.za/hemelvaart-manifes/

LERAARS

Beroep ontvang

- Ds. Herman Kok (Kroonstad) na Potchefstroom.
- Ds. Willem van Schalkwyk (Heilbron) na Bethlehem.

Beroep aanvaar

- Ds. Herman Kok (Kroonstad) na Potchefstroom.
- Ds. Willem van Schalkwyk (Heilbron) na Bethlehem.

Oorgang na 'n ander lewenstaak

Ds. Riaan van Staden is kragtens artikel 17.2 losgemaak van die AP Kerk (7 Maart).

LERAAR BEROEPBAAR



Die band tussen ds. Fredry Pretorius en die AP Kerk Potchefstroom is kragtens KO artikel 19.1a losgemaak. Hy is tans beroepafwagting. Sy selfoonnommer is 076 783 2734.

RING VAN HEILBRON

Die AP Kerk Petrus Steyn vorm voortaan deel van die Ring van Heilbron (8 April).

CVO-SKOOKWARTALE

Tweede kwartaal: 7 April – 26 Junie

Derde kwartaal: 20 Julie – 23 September

Vierde kwartaal: 5 Oktober – 9 Desember

SKOOKWARTALE

Tweede kwartaal: 8 April – 26 Junie

Derde kwartaal: 21 Julie – 23 September

Vierde kwartaal: 6 Oktober – 9 Desember

DIE BOODSKAPPER

Gemeentenuus

Stuur asseblief u gemeentenuus in Microsoft Word-formaat ('n maksimum van 300 woorde, nie ouer as ses maande nie). Stuur oorspronklike, hoëresolusiefoto's saam met die Word-dokument na boodskapper@apk.co.za vir plasing.

Beplande verskyningsdatums

Maand	Kopie in by Redakteur	Verskyningsdatum
Junie	16 April	26 Mei
Julie/Augustus	11 Mei	25 Junie
September	9 Julie	24 Augustus
Oktober	14 Augustus	25 September
November	17 September	26 Oktober
Desember/Januarie	14 Oktober	24 November

Advertensietariewe 2026

Grootte	mm (lengte x breedte)	Prys (hardekopie)	Prys (hardekopie + toepassing)
DIE BOODSKAPPER: HARDEKOPIE			
1/16 blad	40 x 90	R245	R295
1/8 blad	65 x 90	R685	R735
1/4 blad	124 x 90	R1 445	R1 495
1/2 blad	124 x 180	R2 355	R2 405
Vertikale strook	263 x 119	R2 850	R2 900
Volblad	246 x 180	R3 835	R3 885
Binne-agter – ½	148 x 200	R5 125	R5 175
Binne-agter – vol	297 x 210	R7 300	R7 350
Agterblad – ½	148 x 200	R5 145	R5 195
Agterblad – vol	297 x 210	R8 800	R8 850
50% afslag indien AP Kerksake geadverteer word (slegs op die hardekopie).			
SLEGS TOEP (GROOTTE: 250 X 300 PX [L X B])			
Plasing: Redaksioneel*			R150
Plasing: Amptelik*			R130
Plasing: Ontvang die Woord*			R130
Plasing: Hoofartikel			R100
Plasing: Gemeentenuus			R100
Plasing: Artikels			R80
*Hierdie plasing kan deur almal gesien word, ongeag of hulle ingeteken is.			
BANKINBETALINGSBESONDERHEDE:			
Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media			
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632005			
Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing.			
Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.			

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE 2026*

1 Januarie*	Nuwejaarsdag
21 Maart*	Openbare vakansiedag
3 April*	Goeie Vrydag
5 April	Paassondag
6 April*	Gesinsdag
6 April	Van Riebeeckdag
27 April*	Openbare vakansiedag
1 Mei*	Openbare vakansiedag
14 Mei	Hemelvaart
31 Mei	Republiekdag
24 Mei	Pinksterfees
16 Junie*	Konsentrasiekampdag
9 Augustus*	Openbare vakansiedag
10 Augustus*	Openbare vakansiedag
14 Augustus	GRA-dag
24 September*	Openbare vakansiedag
10 Oktober	Krugerdag
25 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember*	Geloftedag
25 Desember*	Christusfees
26 Desember*	Openbare vakansiedag

*Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.



Geestelike groei



Ds. Danie Malan

Baie dankie aan
ds. Danie Malan wat vanjaar se
Pinksterreeks geskryf het.

- 1 Kan 'n geestelik verdorde gemeente weer groei en herlewe?
- 2 God se vereistes vir geestelike groei of herlewing
- 3 Die noodsaak aan herlewing in ons volkslewe
- 4 Geestelike groei en herlewing in die huisgesin
- 5 Maak jou klaar om jou God te ontmoet
- 6 Die Heilige Gees wek by ons 'n verlangende uitsien na die wederkoms van Christus

1. KAN 'N GEESTELIK VERDORDE GEMEENTE WEER GROEI EN HERLEWE?

SKRIFLESING: Eségiël 37:1-14 **SANG:** Psalm 84:1, 2, 6; Gesang 270:1-3

TEKSVERS: *Mensekind, kan hierdie bene lewendig word?* (Eség. 37:3)

Kan 'n geestelik verdorde gemeente weer groei en herlewe? Hierdie vraag van die HERE het sy hartseer profeet Eségiël tot in sy wese geruk! Saam met 'n groot aantal van sy landgenote was hulle op hierdie stadium bannelinge, gevangenes weggevoer uit hul vaderland Palestina na Babilon.

Toe Eségiël as profeet opgetree het, was Israel se geestelike toestand eenvoudig onbeskryflik hopeloos! Hulle sit as't ware saamgehoek in 'n konsentrasiekamp by die Kebarrivier. Daar beleef Eségiël 'n grilligerige ervaring: Hy word deur die Heilige Gees gelei na 'n laagte vol doodsbendere waar hy deeglike inspeksie moes doen (v. 2). Hy merk toe op dat

'n groot menigte baie dor bene oor die laagte verstrooi lê – heel waarskynlik verskroei en verbleik deur die snikhete Oosterse son. Allesbehalwe 'n mooi toneel – 'n metaforiese voorstelling van sy eie volk, *die hele huis van Israel* (v. 11).

Dit is wat gebeur wanneer God sy volk tugtig vanweë hul volharding in sonde. Sy straf slaan enige mens, enige gemeente, enige volk bitter hard wanneer sy waarskuwende stem en boodskappe aanhoudend in die wind geslaan word!

Die Gees vra dan vir Eségiël: *Mensekind, kan hierdie bene lewendig word?* Wat 'n eienaardige vraag? Wat kan die profeet antwoord, want dis mos heeltemal

onmoontlik! Uit sy eie lewe sowel as uit Israel se geskiedenis het hy egter geleer dat niks vir die HERE, die Skeppergod, té wonderbaar is nie (vgl. Jer. 32:27). Daarom antwoord die profeet kinderlik: *Here, HERE, U weet dit.* Dit is geloofstaal, want geloof is boverstandelik, irrasioneel! Dit is 'n bewys van dinge wat ons hoop en nie (kan) sien nie (vgl. Hebr. 11:1). Dit hoop en glo téén alle verwagting in.

Hiermee erken die profeet sy eie onmag, onvermoë en onkunde. Ja, ook dié van alle ander aardgebonde mense. Ons kan die onmoontlike nie moontlik maak nie. Eségiël het inderdaad beleef dat die HERE die menslik onmoontlike kan doen én dat Hy



ook vir hom as swakke mens wou gebruik om dit te verkondig.

Hy moes slegs twee dinge doen, maar dan met sy hele hart en met volle toewyding.

Eerste opdrag:

“Spreek die dor bene aan”

Wat ’n eienaardige opdrag in vers 4! Eintlik moes hy homself bespotlik maak. Stel jou voor: Daar loop die profeet kruis en dwars tussen ’n klomp doodsbeendere en preek sowaar vir hulle! Wat sou ons van ’n leraar dink as hy dit in ’n begraafplaas gaan doen? Dat hy van lotjie getik is!

Eségiël móés dit egter doen. Hy het die Goddelike opdrag gehoorsaam omdat hy immers volkome onder die totale beheer van die Heilige Gees was (v. 1). Daarom kon hy iets doen wat uit menslike oogpunt as dwaas beskou kon word – soos wat Paulus in 1 Korinthiërs 1:21 skryf dat *dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red*.

Wat was die gevolg van Eségiël se “dwase”, maar gehoorsame prediking? *En sodra ek geprofeteer het, was daar ’n geruis, en kyk – ’n beroering! En die bene het nader gekom, elke been na sy been* (v. 7). Dit is reeds ’n Goddelike wonder, maar eindig nie daar nie. Daar was geen gees in hulle (die bene met senings en vlees) nie (v. 8).

Die stryd vir lig en teen duisternis, en vir Christus en sy kerk, kan nie met verdorde dooies gevoer word nie!

Tweede opdrag:

“Spreek die wind aan”

“Profeteer vir die wind! Profeteer, mensekind, en sê vir die wind: ‘So sê my Heer, die HERE: “Wind, kom uit die vier windrigtings! Blaas in hierdie doodgemaaktes, sodat hulle kan leef.” ’ ” (v. 9; 2020-vertaling). As gehoorsame, dienswillige instrument doen Eségiël dit en voor sy geestesoog speel ’n Goddelike, bonatuurlike wonderwerk af: *Die wind het in hulle ingegaan en hulle het lewend geword ...* (v. 10; 2020-vertaling).

Daarna verduidelik die HERE self hierdie geestelik verrykende ervaring vir Eségiël. Hy maak dit van toepassing op die hele huis van Israel wat vanweë hul sondes in ballingskap verkeer en waaroor hulle al morrende kla:

Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons! (v. 11b).

In sy onbegryplike genade het die HERE hulle nie afgeskryf nie. Daarom gee Hy aan Eségiël ’n nuwe, uitdagende opdrag in vers 12-14. Die voorlopige vervulling hiervan was toe die bannelinge terug is na hul vaderland met ’n gepaardgaande herlewering. Die volledige vervulling word ’n heerlike werklikheid met die Heilige Gees se uitstorting op Pinksterdag (vgl. Hand. 2). Sedertdien is die Heilige Gees permanent in elke Christusbelyer se hart en lewe werksaam om hom/

haar te oortuig van sonde en ongeregtigheid sodat hulle uit die dood kan opstaan en voluit vir die Here kan leef.

Watter onbeskryflike ramp sal dit vir die AP kerkverband wees as pragtige jongmense belydenis van geloof aflê, en talentvolle kerkraadslede in die besondere amp bevestig word, en akademies goed toegeruste en welsprekende leraars georden word, maar steeds eiewillig nie na die Heilige Gees se stem in al hul lewensuitinge luister nie – soos in die huwelik, gesinslewe en selfs gemeentelike lewe – en daarom geen geestelike groei toon of ervaar nie?

Wanneer die Heilige Gees egter herlewend in diegene se lewe begin werk, kan Hy nie vasgebind word nie. Hy is soos ’n wind wat waai waar en wanneer Hy wil. Hy is alomteenwoordig en kan nie ingeperk word tot ’n spesifieke plek of ruimte nie. Hy is kragtig in sy werking – wanneer Hy werk, kan niemand dit keer nie!

Kan geestelik verdorde kerke of gemeentes weer herlewe ná God se sondestraf oor vyande van buite en selfs van binne, soos leerdwalings van valse leraars wat geduld word? Beslis, ja! Maar dan moet ons eers ons eie geestelike doodsheid besef en regtig eerlik begeer dat ons waarlik Geesvervuld sal word en so sal leef.

Laat ons dit dan gelowig van Hom afbid en onself volkome tot sy beskikking stel. 🙏



2. GOD SE VEREISTES VIR GEESTELIKE GROEI OF HERLEWING

SKRIFLESING: 2 Kronieke 7:11-14; Psalm 51 **SANG:** Gesang 243:1-3; 100:1, 3, 4, 5

TEKSVERS: ... *delg my oortredinge uit ... Was my heeltemal ... Teen U alleen het ek gesondig ...* (Ps. 51:3-6)

Volgens JI Packer in *Keep in step with the Spirit*, gebeur die volgende vier dinge wanneer daar 'n herlewing plaasvind (vry vertaal):

1. God Drie-enig blaas nuwe lewe in sy kerk.
2. God is nie langer toornig op sy kerk nie.
3. God raak die harte van sy volk aan.
4. Hy betoon die oppermagtigheid (grootheid) van sy genade.

In die praktyk werk dit so: Die kerk/gemeente beleef 'n geestelike vernuwing. Daarna word die gemeenskap aangeraak en mense se lewensgesteldheid verander. Bo alles word God se Naam verheerlik. Kan daar by ons enige twyfel bestaan dat daar ook in die AP kerkverband opnuut 'n geweldige behoefte aan geestelike groei en herlewing bestaan? Maar, is ons bereid om God se vereistes na te kom?

2 Kronieke 7:14 vat dit pragtig saam: ... *my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.*

Die HERE ver wag egter nie hier van in-sonde-gevalle-mense om die eerste skuif terug na Hom toe te maak nie. Hulle kan eenvoudig nie! God neem altyd eerste die inisiatief. Die vrygemaakte verbondsvolk se aksie is eintlik 'n reaksie op God se vrymagtige genadedade!

Maar nou: Wat eis God?

Volhardende gebed

Dawid moes eers biddend smeek: *Wees my genadig, o God ... delg my oortredinge uit ... Was my heeltemal ... en reinig my ... teen U alleen het ek gesondig ...* voordat hy vergifnis kon ontvang. As God se volk sy aangesig ernstig soek, is die verlossingstyd naby. Alle geestelike herlewings in die kerkgeskiedenis is deur volhardende gebed voorafgegaan.

Ware sondebese

Indien daar geen ware sondebese is nie, sal geestelike groei of herlewing nie plaasvind nie.

By die volk

Sprenke 14:34: *Geregtigheid verhoog 'n volk, maar die sonde is 'n skandvlek vir die nasies.*

Israel het dikwels afvallig geraak. Telkemale moes die HERE deur rigters, priesters en profete sy

volk tot sondebese lei. Dan het dit weer 'n tyd lank goed gegaan. Die geskiedenis herhaal homself telkens weer, nie waar nie? Hoe lyk dit hier onder ons?

Wanneer God se tugtigings-maatreëls ons tref, word gereeld verootmoedigingsdienste gehou en vurig-biddend by Hom om uitkoms en genade gepleit.

Sodra dit weer begin goed gaan, word sy hand maklik gelos en voortgeploeter op die ou sondige weë van 'n strewe na tydelike welvaart, materialisme, selfvoldaanheid, ensovoorts.

'n Sondebese onder ons volksgenote is dus 'n noodsaaklike eerste stap van herlewing.

By die kerk

Die Here se ernstige waarskuwing aan die gemeente van Laodicéa is ter sprake: ... *omdat jy lou is ... sal Ek jou uit my mond spuug* (Openb. 3:16).

Het ons godsdiensoefeninge nie deur die jare tot 'n uiterlike, stywe, formele affêre verword nie? Hoe baie kerklidmate het in ongeloof en biddeloosheid verval? Wanneer dinge vir hulle begin uitsigloos lyk, neem hulle hul toevlug tot



fortuinvertellers, sangomas en toordokters, in plaas daarvan om hulle voor die lewende God te verootmoedig!

Voordat daar in die AP kerkverband geestelike groei kan plaasvind, moet voor die Here erken word dat sy doel, ook wat die kerk betref, nie nougeset nagestreef word nie.

By elke individu

Daar is nog te veel van die sondige, eie ek-gesindheid by elkeen van ons. Dit kom tot uiting in naywer, selfsug, liefdelose kritiese opmerkings en optrede! (Lees Galásiërs 5:19-21.)

Sondes wat ontdek is, moet bely en laat staan word

Dit is die Heilige Gees wat *die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel* (Joh. 16:8). Daarom moet ons sensitief wees vir sy influistering. Waar Hy diepgrypend in menseharte werk, is daar 'n oorweldigende sondebeseft, maar ook 'n ernstige, diepe berou daaroor.

Wanneer sondebelydenis nie volg op sondebeseft nie, of wanneer sondebeseft jou nie uitdryf na

God se aangesig en die volmaakte versoeningsoffer wat Christus aan die kruis gebring het nie, dan was daardie sondebeseft nie diepgaande nie. Dan was dit oppervlakkig en nie opreg nie.

God eis bekering van en oorwinning oor sonde

Die oproep tot bekering kom meer as 100 keer in die Ou Testament en ongeveer 70 keer in die Nuwe Testament voor. In die Ou Testament is daar die klassieke voorbeeld in Klaagliedere 5:21: *Bekeer ons tot U, HERE, dan sal ons ons bekeer ...* In die Nuwe Testament is daar basies twee woordbegrippe vir bekering:

- *epistrefoo* ('n regsomdraai op die pad): Waar eers in 'n sekere rigting geloop is, beweeg die Here die sondaar daartoe om 'n totale regsomkeer (koerswending) te maak.
- *metanoia* (gesindheidsverandering, verandering in denkwyse): In hedendaagse taal beteken dit 'n totaal nuwe (hergeprogrammeerde) denkwyse.

Daar is diegene wat die dag en datum van hul bekering as 'n radikale regsomkeer kan onthou.

By ander het bekering mettertyd plaasgevind. Dan is daar 'n daaglikse bekering van spesifieke sondes wat heiligmaking genoem word. Dít kom daarop neer dat ek hoe langer hoe meer word wat ek eintlik reeds in Christus Jesus is. Dan is dit nie meer 'n probleemvraag om te probeer uitvind wat sonde is en wat dit nie is nie. Nee, dan begin ek al hoe meer vra wat ek kan doen om God deur my woorde, daade en gesindhede te behaag.

God wil ons in en deur Christus ook meer as oorwinnaars maak (vgl. Rom. 8:31-39). Daarvoor skenk Hy die wilskrag om van sonde afstand te doen en dit te oorwin. Hy sal immers nie iets van ons eis waartoe Hy ons nie in staat stel nie! Wanneer die besliste voorneme om met die sonde af te reken, daarmee te breek en dit te oorwin egter nie posgevat of gerealiseer het nie, kan ons nie die lewensvolheid en die lewensherstel wat met geestelike groei gepaardgaan, verwag nie.

Kom ons bid ernstig saam met Dawid: *Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes ... lei my op die ewige weg!* (Ps. 139:23-24). 🙏

3. DIE NOODSAK AAN HERLEWING IN ONS VOLKSLEWE

SKRIFLESING: Psalm 85 **SANG:** Psalm 89:6; Gesang 226 (melodie Ps. 134)

TEKSVERS: *Sal ō ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?* (Ps. 85:7)



Psalm 85 is 'n gebed om herlewning wat met beurtsange gesing is. Ná baie jare is die volk terug in hul vaderland uit die vreemde. Daarom is daar vreugde en dankbaarheid in hul harte.

Tog het sommige 'n geloofs-insinking beleef omdat vyandige Samaritane hulle bedreig het. Daarby was armoede en wantoestande aan die orde van die dag en allerlei sondige wanpraktyke het onder hul eie mense posgevat.

Met sulke ontstelde gemoedere nader hulle met versugtinge en gebede om genade en herlewning tot die HERE God, wat die psalmdigter namens hulle verwoord:

Sal ō ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?

(Lees gerus Totius se pragtige beryming van die tweede strofe.)

Dit is 'n treffende en besielende gebed om herlewning wat ook vir ons as Afrikanervolk bemoedigend is, omdat ons nog steeds in 'n tweestryd tussen lig en duisternis vasgevang is. Kom ons let daarom op:

Die behoefte aan herlewning

Die nood waarin die psalmdigter en sy volk hulle bevind, dwing hom om te bid: *Sal ō ons nie weer lewend maak nie*. Ongelukkig is daar by 'n toenemende deel van die Afrikanervolk 'n verontrustende mate van geestelike onverskilligheid, vervlakking en

traagheid te bespeur. Om die Here met lus en liefde te dien, het vir baie 'n las en swarigheid geword.

Wat is ons antwoord op die verworping onder ons volksgenote? Terug na jou God, terug na die Bybel, terug op jou knieë! Strek soos die digter van Psalm 85 met 'n bekommerde hart jou bewende geloofshand uit na die HERE God en pleit: *Sal ō ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?* Die behoefte aan herlewning moet tot elke Afrikanervolksgenoot deurdring! Die teks wys ons verder op:

Die Bewerker van herlewning

Die digter besef dat dit nêr die HERE God alleen is wat herlewning kan bewerk. Daarom speel gebed so 'n belangrike rol in herlewning.

Veelseggend is die woordjie “weer”. Die digter-bidder weet God het dit in die verlede gedoen. En dié God wat 'n Hoorder van ons gebede en versugtinge is, kan, wil en sal dit weer doen – mits Hy aangeroep word, want Hy is die Bewerker van herlewning.

Die voorwerp van herlewning

Geestelike herlewning moet eers by elkeen van ons persoonlik begin posvat! Dit begin wanneer ek besef dat noodsaaklike opruimingswerk van verkeerde dinge in my lewe gedoen moet word en ek dan met berou daarvoor en belydenis daarvan my toevlug tot die Here neem.

Dit begin by 'n persoonlike sondebelydenis en berou soos Dawid dit in Psalm 32 en 51

verwoord, en by die erkenning van God se alomteenwoordigheid, almag en alwetendheid, soos in Psalm 139. Vanuit die persoonlike moet dit dan deursuur na ons volkslewe.

In 1929 het daar 'n herlewning in die sendingveld in Masjionaland plaasgevind. Dit is voorafgegaan deur 'n gees van doodsheid en geloofsinsinking wat die werkers beetgepak het. Sommige van die inboorlingonderwysers en -evangeliste het in sonde verval en in die proses het die kerk baie skade gely. Die vrou van een van die sendelinge het skielik ernstig siek geword. Menslik gesproke was daar geen hoop dat sy sou herstel nie. Toe is bidure gehou waarin sy aan die genade van God opgedra en daar om haar genesing gepleit is. Op 'n wonderbaarlike wyse het sy heeltemal gesond geword.

Dié gebeure het 'n diep indruk op die lidmate van die inheemse kerk gemaak. Dit was die direkte aanleiding tot 'n reeks eredienste waartydens die Here deur middel van sy Woord op 'n ernstige wyse met die personeel gepraat het. Die Heilige Gees het hulle van sonde oortuig. Die skuldiges het hul sonde bely en verkeerde verhoudings reggestel. Hierdie geestelike ontwaking het deurgewerk na ander sendinggemeentes en talle mense het tot bekering gekom. Boonop het gelowiges wat met verloop van tyd koud en afsydig geword het, as't ware weer vlam gevat en begin getuig van God se genade in hul lewens.



Herlewing begin by individuele gelowiges en kring dan verder uit, soos 'n klippe wat in 'n dam gegooi word waarvan die effek dan as't ware in konsentriese sirkels verder uitkring. Dit beteken dat elkeen van ons tot onself sal inkeer en dat ons sal bid: "Here, begin by my! Sal U my nie weer lewend maak nie?" Kom ons waag om dit opreg-ernstig van die Here af te bid!

Die vrug van herlewing

... sodat u volk in U bly kan wees ... Blydschap is altyd die vrug van herlewing. Dis 'n tyd van innerlike vreugde, en van verkwikking en versterking. So is dit by

kinders van die Here, veral ook by diegene wat tot ware inkeer gekom het: Hulle reis soos die kamerling in Handeling 8:39 met blydschap verder.

Ja, vir die Here God se kerk moet dit tot groot blydschap stem, soos die gelykenisse in Lukas 15 van die verlore penning, verlore skaap en verlore seun ons duidelik leer. Laat dit dan ook vir ons tot aansporing dien om na die voorbeeld van die psalmdigter te bid:

Sal ũ ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?

En dan moet ons ook somer daarby voeg: "O Gees van God, U het dit al so dikwels Pinkster gemaak in ons volk se geskiedenis. Leer ons daarom opnuut wat ware Christelike gehoorsaamheid beteken! Leer ons as deel van die Afrikanervolk om in diepe afhanklikheid van U die toekoms aan te durf. Leer ons om te alle tye steeds u eer en u koninkryk in ons lewe voorop te stel. Leer ons, o Here, deur u Heilige Gees wat ons in die waarheid wil lei, om ons vryheid van U af te smee en om altyd u wil bo ons wil te stel. Laat ons dan altyd u koninkryk hoër ag ons eie aardse koninkryk!" Amen. ☺

4. GEESTELIKE GROEI EN HERLEWING IN DIE HUISGESIN

SKRIFLESING: Efésiërs 5:21-6:4 SANG: Psalm 128:1-3; Gesang 321:1-3

TEKSVERS: Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig ... Manne julle moet julle eie vroue liefhê ... Kinders, julle moet julle ouers gehoorsaam ... En Vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op ... (Efë. 5:22, 25; 6:1, 4)

Die geestelike nood in Suid-Afrika eggo as't ware waarskynlik vanuit huisgesinne se lewens en daaglikse omgang met mekaar, nie waar nie? Daar's ongelukkig 'n steeds versnellende en onrusbarende toename in huweliksonbinding, gesinsverbrokkeling, kinderverwaarloos, gesinsmoorde en selfs tienerselfmoorde waar te neem.

In die fokusgedeeltes word die verskillende verhoudinge in die Christengesin onder die loep geplaas. Elke gesinslid

word opgeroep om volgens die daargestelde Goddelike standarde te leef.

Die vrou se onderdanigheid aan haar eie man

Beslis 'n bitter pil vir moderne geëmansipeerde, liberale vroue om te sluk! Dalk omdat hulle die begrip "onderdanigheid" verkeerd verstaan of omdat sommige mans hulle onregmatig verneder en van hulle vloerlappe gemaak het. Hierdie opdrag aan die vrou is egter 'n altydgeldende Goddelike opdrag wat, as dit verontagsaam

word, tot huwelikspanning en ongelukkigheid aanleiding kan gee.

Luister weereens mooi hoe omskryf én kwalifiseer Paulus die begrip "onderdanigheid" in vers 22-24. Wat hy dus sê, is: Soos wat die kerk (as bruid) aan Christus (die Bruidegom) onderdanig is (en juis dan tot haar reg kom), net so moet die getroude vrou in alles aan haar eie man onderdanig wees.

Die vrou se selfopofferende aard en haar sorgsame diensbaarheid



en insiklikheid teenoor haar man skep die atmosfeer wat van hul huwelik werklik 'n besonder gelukkige belewenis maak. Onderdanigheid borg die raamwerk van warmte en sorg teenoor mekaar, wat die liefdestempel op 'n huwelik plaas en meebring dat die huislike gloed daar aangetref word.

Dit is egter deur en ná die sondeval dat eiewilligheid en eiesinnigheid die huwelik en huisgesin binnegedring het. Want as die vrou gedurig die man na die kroon steek en sy hoofskap uitdaag, voel hy bedreig en dan ontstaan spanning en konflik.

Die eerste van God se belangrike voorskrifte vir geestelike groei en harmonie in die huwelik is dat die vrou in haar verhouding met Jesus Christus as haar Here en Hoof, herstel word. Waar sy opnuut voor Hom in diensbare erkentlikheid te staan kom, sal daar na analogie daarvan ook gesonde huweliks- en gesinsverhoudinge daaruit voortvloei en sal sy haar man as hoof en leier erken, hom onderdanig wees en respekteer.

Die liefde van die man vir sy eie vrou

Let wel broeder, liefde vir jou eie vrou is nie 'n opsie nie, maar 'n opdrag! In vers 25-31 staan niks van liefhê omdat sy so oulik is, mooi na haarself (en na jou) kyk en nooit die kos verbrand nie. Allesbehalwe! Dit word gekwalifiseer en vergelyk met die onselfsugtige selfopofferende liefde van Christus teenoor sy kerk toe Hy sy lewe daarvoor gegee het.

Dit beteken prakties onder andere dat jy vir jouself sal sê: Ek sal eerder bereid wees om te sterf as om my vrou ongelukkig te sien!

Daarom verskaf verdraagsame, sorgsame en selfopofferende liefde van 'n man teenoor sy eie vrou – aan wie sy hart verkleef en sy vlees verweef is – die raamwerk van stabiliteit waarin die huislike gloed kan gedy. 'n Christenman neem dus sy vrou in ag en neem uiteindelik ook die leiding tot voordeel van 'n stabiele huwelik en gesin.

Dit is weereens die sondeval wat hierdie manlike leierskap in 'n selfsugtige en eersugtige dwingelandy verander het.

Daarom word baie huwelike ongelukkig nog steeds geteister en uitmekaargeskeur deur die hardvogtigheid van “macho bullebakke” wat eenvoudig hul eie wil en giere met ystersepters op hul vrouens en huisgesinne afdwing!

Herlewing kan op geen ander manier in die huwelik en huisgesin plaasvind nie as dat die man weer sy verhouding met sy Heer en Hoof, Jesus Christus, herstel. Wanneer daar herlewing by die man plaasgevind het, dan gee hy as eggenoot en vader die leiding en versorging aan sy vrou en huisgesin soos wat die Here Jesus as Hoof met sy kerk (sy liggaam) doen – 'n vóórleef en versorging in

selfopofferende liefde tot die dood toe. Dit speel 'n uiters belangrike rol in huweliksgeluk en -harmonie!

Kinders se gehoorsaamheid aan hul ouers

Geestelike groei of herlewing in die huisgesin raak ook die kinders. Vir kinders wat in die Here glo, sê Paulus: Die regte ding om te doen, is om aan jul ouers gehoorsaam wees. Dan koppel hy dit aan die vyfde gebod met die belofte: Sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank op die aarde mag lewe.

Niemand hoef ooit kinders te leer om lelike dinge te doen nie. Hulle drink dit as't ware saam met die moedersmelk in omdat hulle in sonde ontvang en gebore word (vgl. Ps. 51:7). Kinders leer daaglik deur fyn waarneming en nabootsing. Daarom moet hulle ook geleer en geoefen word om te luister en hul ouers noulettend en stiptelik te gehoorsaam. Buig (nie breek nie!) dus die klein boompies vroeg. Lei en stuur hulle biddend in die regte rigting.

Herlewing in die huisgesin beteken dat gelowige kinders weer die gehoorsaamheid aan hul ouers terugkry. Terselfdertyd verkry hulle die seën van 'n lang lewe wat die Here aan diegene beloof wat hul ouers met die nodige liefdesgehoorsaamheid eer en respekteer.

Eerbiedwaardige vadersorg

Die Here se bedoeling met die huisgesin is dat ouers (spesifiek vaders) só teenoor hul kinders sal optree dat dit altyd respek en liefde sal afdwing. 'n Pa wat



dwars en onbeskof met sy kind praat bloot omdat hy hom in 'n meerdere posisie bevind, sal mettertyd agterkom dat hy sy kind se agting en respek verloor. Ouers wat gedurig op 'n negatiewe

manier vitterig teenoor hul kinders optree, sal daardie kinders uiteindelik frustreer en verbitter.

Waar herlewing in die huisgesin plaasvind – wanneer vader, moeder

en kinders dus deur Christus en sy lewendmakende Gees vernuwe word – word ouerskap so veredel dat die kind met respek na sy ouers sal opsien en God Drie-enig daardeur verheerlik. ☺

5. MAAK JOU KLAAR OM JOU GOD TE ONTMOET

SKRIFLESING: Amos 4:1-13; Hebreërs 10:23-31 **SANG:** Psalm 36:2; Gesang 229:1-3

TEKSVERS: ... maak jou klaar om jou God te ontmoet, o Israel! (Amos 4:12)

'n Ontmoeting met God kan óf 'n heerlike voorreg, óf 'n verskriklike ervaring wees! Miskien het jy ook al gewonder waarom teenspoed en terugslae 'n mens soms so onverhoeds tref. En wanneer dit jou oorkom, dan is dit mos dikwels so dat die een ongeluk ná die ander jou as't ware oorval. Dit lyk soms nimmereindigend.

Maar het jy al daaraan gedink dat hierdie dinge dalk middele in God se hand kan wees waardeur Hy jou wil tugtig oor sonde in jou lewe en jou tot bekering wil aanspoor? Bekering in die sin van 'n regsomkeer weg van die wêreldse genot en 'n terugkeer na die Bron van ware lewe, Jesus Christus! Bekering as 'n daad van gehoorsaamheid aan die wil van die Vader en 'n toegewyde diens aan die Here alleen!

Dieselfde Here wat 'n mens tot bekering wil lei, is ook die Een wat geloof in jou hart wil lê. Geloof sonder opstand of

rebellie; geloof wat jou te midde van watter omstandighede ook al met vaste vertroue kan laat sê: *As God vír ons is, wie kan teen ons wees?* (Rom. 8:31).

Wanneer God tugtig, reageer die mens. Dit werk mos ook so as ouers hul kinders tugtig of dissiplineer, dan nie? Ná 'n pak slae word die kind óf kwaad vir sy ouers, óf hy belowe én probeer hard om nie weer te oortree nie. So werk dit ook in ons verhouding met ons hemelse Vader: God se tugtiging lei jou óf tot verharding, óf tot bekering. Jy kan in God se tugtiging óf die stem van sy liefde hoor, óf Hom van wreedheid beskuldig en aankla. Dit spoor jou aan om selfondersoek te doen of om jouself te probeer verontskuldig.

Van Israel het God gesê: Alhoewel Ek hulle op verskeie maniere getugtig het, nogtans het hulle hulle nie tot My bekeer nie. Amos 4:12 is 'n noodwendige uitvloeisel van Amos 4:6-11. Omdat God nooit aan sy Woord

en beloftes ontrou is nie, straf Hy sy uitverkore volk wanneer hulle ontrou geraak het.

Daar is egter 'n betekenisverskil tussen die woorde "tugtiging" en "straf". Die tugtiging soos in Amos 4:6-11 beskryf, was 'n gebaar van God se liefde. Dit was telkens 'n kans wat Hy vir sy volk gebied het om na Hom toe terug te keer en Hom te gehoorsaam. Dit het Hy gedoen deur hongersnood, droogte, misoeste, oorloë, aardbewings en vuur. Die straf in vers 12 is egter 'n daad van oordeel en verwerping – 'n ontmoeting met die heilige God waartydens daar nie nog 'n kans vir sy genade is nie.

As die HERE in Amos 4:12 sê: *Daarom sal Ek só met jou handel, o Israel*, is die woordjie "so" nie 'n terugverwysing na die rampe wat réeds oor hulle gekom het nie. Dit is 'n vooruitblik op 'n onuitspreklike oordeel wat nog in die toekoms op hulle wag. Presies wat dit gaan wees wat hulle gaan tref, sê die HERE nie.



En dan volg die ontstellende:
... omdat Ek só met jou sal handel – maak jou klaar om jou God te ontmoet, o Israel! (v. 12), want hierdie ontmoeting is nie 'n vreugdefees of 'n versoeningsmaaltyd nie, maar 'n oproep tot stryd.

Maak jou klaar om jou God te ontmoet! Wat kon dit nie alles vir Israel beteken het om te weet dat Hy hulle God is nie? Wat 'n heerlike ervaring kon 'n ontmoeting met dié lewende God nie wees nie? Maar Israel wou nie aan hul verbintenis met Hom deur die genadeverbond getrou bly en sy koningskap erken nie. Daarom word die ontmoeting met God 'n verskriklike en vernietigende ervaring, want: *Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God* (Hebr. 10:31).

Geliefdes, kan ons wat weliswaar na God se beeld geskape is, maar eintlik nietige stoffies op aarde is, dit waag om die grote God

tegemeet te gaan? Hy wat in Amos 4:13 aan ons voorgehou word as die Een wat die berge formeer en die wind skep en aan die mens sy gedagte bekend maak, wat die dageraad duisternis maak, wat op die hoogtes van die aarde wandel, *HERE, God van die leërskaar, is sy Naam!*

Kan jy, kan ons, dit waag om met Hom swaarde te kruis? Sien jy kans vir hierdie ontsettende uitdaging wat God tot ons rig? Al is dit 'n ontsettende, verskriklike uitdaging, skemer daar tog 'n vonkie van genade deur, naamlik die genade dat God nog met sy volk Israel destyds en met ons as sy nuwe volk vandag, wil praat. Ja, dat God nog met ons wil praat, is genade! Want Hy kon/kan ons ook (soos Sodom en Gomorra) stilswygend, sonder verduideliking, vernietig!

Maar God wil nog met jou en my praat in en deur sy Seun Jesus Christus. Vóór die laaste ontmoeting – wanneer Hy op die

wolke van die hemel kom – wil God ons in Christus ontmoet. Van hierdie ontmoeting wat van God se kant uitgaan, lees ons in die Nuwe Testament. Want die uiteindelijke kommentaar op die uitdaging in Amos 4:12 is:

Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My (Openb. 3:20).

Iets om na uit te sien

Het jy al 'n voorsmakie van hierdie ontmoeting gekry? Dan hoef jy nie te vrees vir die uiteindelijke ontmoeting aan die einde van die dae met die grote God nie.

Ja, dan kan en mag jy ook eerskomende Sondag saam met ander gelowiges aansit aan die nagmaalstafel, want dit is immers 'n voorsmaak van die heerlike feesmaal wat vir ons gereedgemaak word en op ons wag ná die oordeelsdag! ☺

6. DIE HEILIGE GEES WEK BY ONS 'N VERLANGENDE UITSIEN NA DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS

SKRIFLESING: Openbaring 22:6-21 **SANG:** Psalm 86:2; Gesang 391:1-5

TEKSTERS: *En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.* (Openb. 22:17)

Een van die mooiste woorde in die Bybel bestaan uit net drie letters! Dit is werklik mooier as die mooiste woord wanneer dit uit die mond van die Heilige Gees én die bruid – die kerk van

Christus – afkomstig is. Dis die evangelieboodskap in een woord saamgevat: Kom!

Dit is 'n wekroep-uitnodiging na twee rigtings: 'n Verlange

van die bruid na die koms van die Buidgom op die wolke, én die Bruidegom se begeerte dat diegene wat nog nie hul lewensdors geles het nie, moet kom.



'n Uitnodiging met 'n hemelse adres

Die Heilige Gees het gekom om die kerk (sy bruid) gereed te maak vir die wederkoms van die Bruidegom, Jesus Christus. Die Gees is gedring deur één passie: Om Christus na die gemeente en die gemeente by Christus te bring! Presies net soos wat 'n jong bruidegom en sy bruid die oorweldigende begeerte het om met en ná hul egverbintenis ware vervulling te vind.

So roep die Gees en die bruid dan as't ware uit een mond: "Kom!" Die Gees spoor die kerk aan om voortdurend te roep: "Kom, Here Jesus!" So word Christus as't ware aangemoedig om sy koms nie onnodig uit te stel of te vertraag nie.

Reeds van die eerste eeue af het Christene geleef asof die Here enige oomblik kon kom – hulle was voortdurend op gereedheidsgrondslag. Wil ons vandag nog steeds met soveel ywer en verwagting bid: "Kom, Here Jesus"? Sal dit baie mense nie miskien beter pas as Hy sy wederkoms vir eers 'n onbepaalde tyd uitstel nie? Hulle wil tog so graag nog eers 'n klompie aardse ideale verwesenlik sien.

Christus se wederkoms behoort 'n dag van blye verwagting te wees omdat dit uiteindelik volkome verlossing uit alle aardse kwellinge sal meebring. Ons moet waak teen 'n houtgeruste ingesteldheid in ons geloofsluwe! Hoe gereed is u vir Jesus Christus

se wederkoms? Is jy op datum met die taak wat Hy in die tussentyd aan jou toevertrou het? Daarvoor handel die tweede deel van Openbaring 22:17: *En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.*

'n Uitnodiging met 'n aardse adres

Nou is die wekroep: "Kom!" nie langer nét 'n welkomsgroet tot Christus wat belowe het dat Hy eendag weer op die hemelwolke sal kom nie. Nee, nou word dit ook 'n uitnodiging aan die dorstige om die lewenswater te kom neem – boonop verniet!

Hierdie water is na regte simbool van Jesus Christus se verlossingsboodskap. Daarsonder wag die ewige dood op die onwillige, ongehoorsame persoon. Stel eerlik ondersoek in na die oorsprong van onrus en dorstige gejaagdheid waarin u vasgevang sit.

Luister dan met aandag en aanvaar Jesus se uitnodiging in Johannes 7:37:
As iemand dors het [dus sy eie geestelike nood raaksien en besef], laat hom na My toe kom en drink! Of soos dit eggo in Openbaring 22:17: ... laat hom wat dors het, kom.

Moenie toelaat dat enige sonde jou verhinder om hierdie dringende,

Geesgeïnspireerde uitnodiging te aanvaar nie.

Dit is God se liefdevolle genade-wonder dat Hy die lewenswater vir ons aanbied selfs sonder dat ons dit gevra het of daarvoor hoef te betaal. Want Jesus het klaar daarvoor met sy eie liggaam en bloed aan die kruis betaal. En tog (hoe onbegryplik!) bly mense ver weg staan en weier om die uitnodiging te aanvaar, terwyl hulle wegkwyn van dors. Waarom? Hier staan dit tog duidelik: ... *en laat hom wat wil die water van die lewe neem, verniet!*

Ons mense se groot probleem is dat ons nie graag dinge verniet wil ontvang nie. Ons wil liever daarvoor werk, daarvoor betaal of dit verdien. Wanneer ek egter met leë bakhande voor die Here moet kom staan om verniet te ontvang, dan erken ek daarmee dat my lewe en alles wat ek presteer, doen, en is, 'n absolute en totale mislukking is. Al wat die Here eintlik van my en u vra is gewilligheid. Dit maak nie saak wie jy is nie. Of jy talentvol of 'n doodgewone, gemiddelde persoon is; of jy in 'n godsdienstige huis grootgeword het en of jy ooit jou ouers sien bid het nie ... God se tyd is nie môre of oormôre nie, maar nou.

Wanneer twee verliefdes verloof raak, rig die man gewoonlik dieselfde soort uitnodiging aan sy meisie: "Ek is lief vir jou. Kom nou en word my verloofde." Sy hoor met haar ore, oorpeins dit in haar hart, besluit daarvoor met haar verstand en antwoord dan



met haar wil daarop deur met haar mond “ja” te sê. Die Here rig uit liefde dieselfde uitnodiging nou aan u: “Kom!”

Onthou: Die mooiste woord “kom” verander ná die dood in die bitterste en hardste woorde “gaan weg” as jy in hierdie lewe nie sy uitnodiging aanvaar nie. Dan tree spyt en verwyte in: Ag, as ek maar

geluister het toe die uitnodiging so dringend was!

Die Heilige Gees wil die Bruidgom, Jesus Christus, en sy bruid, sy gemeente, bymekaarbring. Eers met Christus se wederkoms sal die vereniging tussen die Christusbelyer en Jesus volkome wees. Tuur jy ook na die horison met die tinteling in die hart van ’n

bruid wat uitsien na die koms van haar bruidegom?

Intussen kan elke lid van die bruidskerk in die geloofs-gemeenskap met die Heiland iets van hierdie eenwording met Christus beleef deur gebed en die gemeenskapsbeoefening van ware, getroue Christusvolgelingen. Maranáta – kom, Here Jesus! ☺

WAT DOEN MY KERK?

AP KERK PRETORIA-OOS BIED AAN: SKOOLVERLATERSKAMP

Kampdatum: DV Sondag 28 Junie tot Saterdag 4 Julie

Die wintervakansie kruip nader, en dit is weer tyd vir Skoolverlaterskamp! ’n Skoolverlaterskamp is ’n unieke geleentheid wat die Here gee om geestelik te groei en die volwasse lewe voorbereid tegemoet te gaan. Dit is ook besonderse pret saam met mense wat uit dieselfde agtergrond kom. Die toekoms wag: Gryp dit voorbereid aan! Wees verseker dat ons jou verwagtinge gaan oortref!

KAMPBESONDERHEDE:

Kampterrein: ESPERANZA (Dit is sentraal geleë, ongeveer 20 km buite Viljoenskroon en minder as 70 km vanaf Potchefstroom.) GPS-koördinate sal op versoek gestuur word.

Koste: R1 500 per skoolverlater. Die GKK borg R300 per kind! Die kampgeld wat betaal moet word, is R1 200. Kerkrade moet skoolverlaters asseblief probeer subsidieer indien hulle dit moeilik vind om die volle kampgeld te betaal.

Kampgelde kan in die volgende bankrekening betaal word:

Capitec • Rekeningnaam: APK Skoolverlaterskamp
Rekeningnommer: 1309 417 359 • Takkode: 470010
Verwysingsnommer: Naam en van (skoolverlater).

VIR INSKRYWINGSVORMS EN MEER BESONDERHEDE:

Ds. Attie Boshoff
attie.boshoff@apk.co.za
071 229 3035

Ds. Peet Schutte
peet.schutte@apk.co.za
064 657 3699

Maritsa Pretorius
maritsapret36@gmail.com
072 576 1247

Inskrywings sluit 20 Junie

Lig in Duisternis
UITGEWERS

Die leesprek is ’n instrument wat God in kerkrade se hande gee om hul opdrag met betrekking tot die erediens, getrou te vervul. ’n Preek wat deur ’n voorganger voorgelees word, is nie minder Woord van God as wanneer ’n predikant dit sou bring nie. Nooit mag die krag van God se Gees deur ons voorbehoude en besware aan bande gelê word nie.

Ook beskikbaar op
amazonkindle

Geanker in die Oorwinnaar
Prof. Izak Brink
PREEKRUDEL EN HANDLEIDING VIR DIE LITURGIE



INLEIDING: ONS BELY MET OORTUIGING:

Jesus Christus is verhoog en sit aan die regterhand van God die Vader.

Hierdie waarheid – die hemelvaart – is nie maar net 'n liturgiese viering nie, maar 'n lewensbepalende, kultuurveranderende en wêreldveroordelende werklikheid. Dit is die hartklop van ware geloof, ware kerkwees en ware regering. Hierdie manifes roep alle skole, instellings, gemeentes en owerhede op om Christus se hemelvaart openlik te erken en prakties te eer.

1

Hemelvaart is die grootste troonsbestyging in die geskiedenis. Die verhoging van Jesus Christus is nie 'n mistieke of simboliese gebeurtenis nie, maar die begin van die enigste en ware nuwe wêreldorde. Die laaste Adam, die seun van die mens, het in heerlikheid opgevaar (Dan. 7:13-14), en alle mag is aan Hom gegee (Mt. 28:18). Daarom moet elke sogenaamde nuwe orde, van ideologieë tot politieke magte, in die lig van sy troon beoordeel word.

Ons verklaring: *Ons erken en bely dat Jesus Christus op die troon is en dat geen gesag, instelling of ideologie Hom kan onttroon nie.*

2

Hemelvaart is 'n politieke en openbare gebeurtenis. Psalm 2 en 110 leer ons dat Hemelvaart 'n direkte uitdaging aan wêreldmagte en regerings is. Wanneer Christus nie as Koning erken word nie, neem die staat of 'n ander mag daardie plek in. Die gevolge is onreg, chaos en ontkerstening van die openbare ruimte.

Ons verklaring: *Ons verwerp enige beweging wat van die staat of owerheid 'n afgod maak en wat homself opstel bo die troon van Christus, en ons pleit vir 'n samelewing waarin owerhede en regerings Jesus Christus as Hoof van alle gesag erken (Ps. 2:10-12; NGB Art. 36).*

3

Hemelvaart gee 'n anker en mandaat aan die kerk. Die kerk wat Hemelvaart verstaan, is 'n kerk wat deur die Heilige Gees met moed bekragtig is en daarom met durf leef. Dit is daarom 'n kerk van wêreldwyding, nie "wêreldvermyding" nie. Die Gees is uitgestort omdat Christus verhoog is (Hand. 2:33), en daarom mag die kerk met gesag preek, bid, dien en leef.

Ons verklaring: *Ons roep gemeentes, Christelike skole en organisasies op om Hemelvaart aktief te vier, te onderrig en as grondslag van hul roeping te bely.*

4

Hemelvaart beklemtoon die waarde van menswees en gelowiges se heerlike eindbestemming. Jesus Christus neem nie net sy Goddelike natuur hemel toe nie, maar ook ons menslike natuur. Daarom bevestig Hemelvaart dat gelowiges nie net een keer leef nie, maar net een keer sterf – en nou reeds leef om saam in Hom te heers wat reeds daar gegaan het waar niemand anders kon nie (Efés. 1).

Ons verklaring: *Ons bely die waarde van menswees, die hoop op die opstanding met 'n verheerlikte menslike liggaam, en die ewige koningskap van Jesus Christus oor alle dinge vir tyd en ewigheid.*

5

Hemelvaart bevestig die mag van gebed en die teenwoordigheid van die troon. Omdat Jesus Christus aan die regterhand van die Vader sit, het ons vrymoedigheid om te bid, te werk en met gesigte wat blink die wêreld in sy Naam binne te stap (Joh. 16:24; 2 Kor. 3:12).

Ons verklaring: *Ons roep opvoeders, kerkleiers, ouers en leerlinge op om die waarheid van Hemelvaart te leer ken as 'n bron van krag en gebedsmoed in die daaglikse lewe.*

Slotverklaring:

Die uitskakeling van Hemelvaartdag op openbare kalenders weerspieël nie neutraliteit nie, maar rebellie teen die ware Koning. Hierdie manifes roep alle Christene op om die hemelvaart van Jesus Christus openlik en herhaaldelik te bely – in skole, gemeenskappe, families, kerke, instellings en owerheidsinstellings.

ONS PUBLIEKE GELOOFSVERKLARING:

Jesus Christus is verhoog. Hy is Here. Aan Hom behoort die heerskappy, die mag en die heerlikheid – nou en vir ewig. Amen.

Laai die manifes af en teken die petisie: www.liginduisternis.co.za/hemelvaart-manifes/





DS. WILLEM VAN SCHALKWYK

UITVERKIESINGSDOEL: AAN GOD GELYKVORMIG

As 'n mens oor die uitverkiesingsleer dink, dink die meeste mense soos volg: God het in die ewigheid (voor tyd begin het) besluit om vir Hom kinders te kies sodat hulle in die ewigheid (nadat tyd geëindig het) saam met Hom op die nuwe aarde kan woon. Oor die algemeen stem gereformeerdes saam: Die doel van die uitverkiesing is ons ewige redding.

Is dit die volle waarheid?

As ons dink dat die uitverkiesing slegs ons ewige redding ten doel het, verstaan ons nie wat die Bybel leer nie en verskraal ons die waarheid van die Skrif.

Die volle waarheid is dat die uitverkiesing ook daarop gemik is om ons *in die tyd* (hier op aarde) heilig te laat lewe. Hoor net wat sê Efésiërs 1:4: Die Vader het ons in Christus voor die grondlegging van die wêreld uitverkies om (*hier op aarde*) heilig en sonder gebrek voor Hom te lewe.

Met die uitverkiesing het God sy oog dus nie net op die ewigheid nie, maar ook op die hede. Ons

is uitverkies om hiër, terwyl ons op aarde leef, heilig te wees. Juis daarom sê 2 Thessalonicense 2:13 dat God ons van die begin af verkies het tot saligheid *in heiligmaking*: Ons is verkies om gered te word én om in heiligmaking te leef.

Dit is daarom belangrik om te verstaan dat 'n uitverkiesing sonder heiligmaking nie bestaan nie.

Hoe moet ons heiligmaking verstaan?

Heiligmaking is 'n status wat die Here aan die mens toeken – Hy heilig ons (vgl. 1 Kor. 1:2).

Heilig beteken om iets af te sonder of eenkant te sit. Die Here het die uitverkorenes vir Homself afgesonder, hulle afgeskei en anders gemaak as die res van die wêreld. Hierdie heiliging beteken nie dat Hy ons uit die wêreld wegneem nie, maar dat Hy ons, uit al die mense op aarde, gekies het om aan Hom te behoort.

Die feit dat die Here ons gekies het om aan Hom te behoort, beteken dat ons nou anders moet wees as

die res van die wêreld. Juis daarom sê 1 Thessalonicense 4:7 dat God ons nie geroep het tot onreinheid nie, maar tot heiligmaking. Die woord “heiligmaking” dui dus op 'n proses in die lewe van die uitverkorene – jy moet al meer en meer leef soos iemand wat aan die Here behoort en in wie sy Gees woon. Die Here het nie vir Hom kinders gekies sodat hulle soos varke in die modder van die sonde van hierdie wêreld kan bly baljaar nie.

Die doel van heiligmaking?

Die feit dat ons deur God vir Homself afgesonder is, lê 'n dure verpligting op die uitverkorene. Hierdie afsondering het nie sonder prys gekom nie – die Vader moes sy Seun aan 'n kruis offer om ons uit hierdie wêreld los te koop (vgl. 1 Petr. 1:17-19), en ons deur sy bloed van ons sonde te reinig. Juis daarom eis Hy nou dat ons as afgesonderdes, as geheiligdes, nie meer soos die wêreld sal leef nie.

Dit is geweldig belangrik om hiervan kennis te neem: In wie se lewe daar nie heiligmaking

is nie, kan nie op uitverkiesing aanspraak maak nie. Wie nie heilig leef nie, kan nie roem in die troos en sekerheid van die uitverkiesingsleer nie. Hebreërs 12:14 stel dit sterk:

**Sonder heiligmaking
sal niemand die
Here sien nie.**

Verstaan dit so: Die uitverkiesing het altyd God se heerlikheid in die oog (vgl. Efés. 1:6). God het vir Hom kinders gekies sodat Hy verheerlik kan word. Sy verheerliking is egter nie net gefokus op die lewe in die ewigheid nie. Hy het vir Hom kinders gekies sodat Hy reeds hier op aarde in en deur hul lewens verheerlik kan word. As ons dus sê dat God ons gekies het om heilig voor Hom te leef, beteken dit dat alles wat ek dink, doen en sê tot eer en verheerliking van die groot en almagtige God moet wees.

Aan Christus gelykvormig

Heiligmaking is die wyse waarop God in die lewe van die uitverkorenes verheerlik word. Om die diepe betekenis hiervan te beklemtoon, leer Romeine 8:29 dat ons uitverkies is om die *beeld van die Here Jesus gelykvormig te word*. Meer en meer soos Jesus – dit is die dieptepunt van heiligmaking.

Om aan Christus gelyk te word, is nou die roeping van elke uitverkorene. Hy moet al meer en meer in my lewe gestalte kry: In my woorde moet mense Christus hoor praat; in my daade moet hulle Christus sien optree; my besluite moet wys dat Hy oor my gedagtes

heers; sy lig moet my hart en lewe verlig en verhelder.

Die motivering vir hierdie lewenswandel lê in Galásiërs 2:20: My sonde is saam met Christus aan die kruis gespyker, daarom leef ek nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou doen, doen ek deur die geloof in die Seun van God. Deur dankbaarheid gedryf en gelei deur die Heilige Gees (vgl. 1 Petr. 1:2), groei die uitverkorene nou in gehoorsaamheid en toewyding aan die Here. Dit is ons hoë en heilige roeping – om só te leef dat ander die voorbeeld van die Here Jesus Christus in ons lewens sal sien.

Die navolging van Christus kom egter nie in ons slaap nie. Hier is doelbewuste, harde werk nodig. Uitverkorenes sal nooit heilig kan leef as ons Hom nie reg ken nie. Daarom kan heiligmaking nie plaasvind sonder of los van die Woord van God nie. Onvoldoende kennis van God en sy wil vir ons lewens, sal onvermydelik lei tot 'n lewe waarin die beeld van Christus ontbreek.

Laastens is dit belangrik om te onthou dat volmaakte heiligheid eers in die lewe hierna ons deel sal word. Hier, in die tyd, leef ons 'n lewe van val en opstaan; van stryd en oorlog. In ons stryd teen die sonde, in ons strewe na heiligmaking, val ons soms, ons doen sonde, maar deur die krag van die Heilige Gees kan die uitverkorene telkens opstaan, sy sonde oorwin en die lig en beeld van sy Heiland nog beter uitstraal. Sonde kanselleer dus nie jou uitverkiesing nie, want God se besluit oor jou kan nie verander word nie. Jou stryd teen die

sonde bevestig egter dat jy aan die Here behoort.

Om ons aan te moedig om nie in hierdie stryd moedeloos te raak nie, belowe die Here in 1 Korinthiërs 10:13: Ek is getrou en sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie. Ek sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.

Bepeins die volgende:

- Uitverkies tot heiligmaking dwing elke uitverkorene om sy lewe voor die Here te ondersoek en te vra of dit 'n bewys van sy uitverkiesing is.
- Die mens wat glad nie die bewyse van heiligmaking in sy lewe het nie, mag nie aanspraak maak op sy verkiesing tot die ewige lewe nie.
- Wie se lewe nie van uitverkiesing spreek nie, is besig met selfbedrog – want aan julle vrugte sal die mense julle ken (vgl. Mt. 7:16).

Uitverkorenes moet besef dat hul uitverkiesing nie net oor die ewigheid gaan nie, maar dat dit hier en nou 'n werklikheid in hul lewens moet wees. Ek is nie net gekies om gered te word nie, maar ook om soos 'n gereddene te leef. Ek is gekies om die beeld van Christus in hierdie wêreld te vertoon. Ek is gekies sodat die groot en almagtige God deur my heiligmaking verheerlik kan word.

Wie werklik die wonder en die diepte van *uitverkiesing tot heiligmaking* verstaan, kan juigend saam met Gesang 129:1-3 sing: “My lewe bly aan U gewy...” 🙏

Ds. Willem van Schalkwyk is leraar van die AP Kerk Heilbron.



Geestelike groei begin by 'n lewende verhouding met Christus

Ds. Joubert Ferreira

Pinkster herinner ons aan 'n eenvoudige, maar kragtige waarheid: Die Christelike lewe kom nie uit onself nie. Dit is nie iets wat ons met genoeg wilskrag, entoesiasme of godsdienstige gewoontes kan voortbring nie. Dit is die werk van die Heilige Gees. Hy gee lewe, Hy onderhou dit en Hy laat dit groei.

Wanneer ons oor geestelike groei nadink, moet ons dus by die bron begin. Groei is die bewys van lewe. As iets nie groei nie, dan wonder ons of daar enigsins lewe is. Maar as daar ware geestelike groei is, kan ons seker wees dat daar 'n lewende verbondenheid aan Christus is.

Johannes 15 en Psalm 1 wys ons duidelik dat geestelike groei slegs moontlik is as ons aan die Lewensbron verbind is. Dit beteken om in Christus te bly en om in sy Woord te leef, want dit is juis deur die Woord dat die Gees ons voed en vorm.

Die wingerdstok en die werk van die Gees (Joh. 15)

In Johannes 15 sê Jesus: *Ek is die ware wingerdstok ...* (v. 1); *Bly in My, soos Ek in julle* (v. 4a). Die beeld is eenvoudig: Die loot het geen lewe in homself nie. Alles wat hy is en alles wat hy voortbring, vloei uit sy verbondenheid aan die stam.

Jesus maak hierdie uitspraak kort voor sy kruisiging en in die daaropvolgende hoofstukke belowe Hy die koms van die Heilige Gees. Dit is die Heilige

Gees wat hierdie verbintenis verwesenlik. Pinkster is dus nie 'n losstaande gebeurtenis nie; dit is die vervulling van Jesus se belofte om self, deur sy Gees, in sy mense te woon.

Wanneer Christus in vers 5 sê: ... want sonder My kan julle niks doen nie, wys Hy op 'n geestelike werklikheid. Sonder die lewende band wat die Heilige Gees bewerk, kan daar geen ware vrug wees nie.

'n Loot mag vir 'n rukkie groen lyk nadat dit afgesny is, maar dit het reeds begin sterf. Net so kan 'n mens ook vir 'n tyd lank 'n vorm van godsdienstigheid handhaaf, maar sonder die lewende werking van Christus deur sy Gees en sonder sy Woord wat in jou bly, sal daar geen blywende vrug wees nie.

'n Lewe gewortel in die Woord (Ps. 1)

Psalm 1 beskryf die geseënde mens as 'n boom wat by waterstrome geplant is. Hy dra vrug op sy tyd; sy blare verwelk nie. Die geheim lê nie in die boom self nie, maar waar hy geplant is. Die waterstrome wys

op standhoudende, betroubare voeding. Só 'n mens se *behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag* (v. 2). Hier sien ons hoe die Gees en die Woord saamwerk. Die Gees lei ons nie weg van die Woord af nie, maar bind ons juis daaraan. Hy maak die Woord lewend in ons harte. Pinkster is dus nie 'n viering van 'n blote geestelike ervaring nie. Dit is 'n viering van God se teenwoordigheid wat ons, deur die werking van sy Gees, in die waarheid van sy Woord vestig. Die Heilige Gees maak die Woord nie oorbodig nie, maar kragtig. 'n Boom wat diep wortel skiet, staan vas wanneer die winde waai. Net so gee die Heilige Gees deur die Woord aan ons standvastigheid in 'n wêreld wat voortdurend verander.

Snoei, groei en heiligmaking

Die Here Jesus sê in Johannes 15:2 dat die Vader die lote wat vrug dra, snoei sodat hulle meer vrug kan dra. Snoei is nie aangenaam nie. Dit behels snywerk, verlies en soms pyn. Pinkster herinner ons egter dat die Heilige Gees nie net Trooster is nie, maar ook Heiligmaker. Hy werk in ons om sonde uit te wys, ons te korrigeer

en ons begeertes te herskep. Hierdie proses kan ongemaklik wees, maar dit is deel van geestelike groei.

Psalm 1 praat van twee paaie: die weg van die regverdige en die weg van die goddelose. Die Gees lei ons op die weg van geregtigheid deur die Woord in ons harte te “druk”. Groei is dus nie net ’n saak van meer kennis of meer aktiwiteit nie, maar van innerlike hervorming.

Vrug as teken

Wat is die bewys van ’n lewe wat aan die Lewensbron verbind is? Vrug! Johannes 15 beklemtoon dit herhaaldelik: *Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra* (v. 8). Pinkster vra daarom nie: Het jy ’n besondere ervaring gehad nie? Maar: Dra jou lewe vrug? Die vrug van die Gees groei nie deur selfverbetering nie. Dit groei wanneer die Heilige Gees deur die Woord in ons werk.

’n Boom staan nie elke dag en probeer sy vrugte groter “druk” nie. Hy bly eenvoudig geplant waar daar water is en die vrug volg vanself. Net so word ons geroep om in Christus te bly. Wanneer ons aan Hom verbind is, is geestelike vrug nie ’n gedwonge prestasie nie, maar ’n natuurlike gevolg van daardie lewende verbondenheid.

Die gevaar van oppervlakkigheid

Ons leef in ’n tyd van vinnige indrukke en kort aandagspanne. Selfs ons geestelike lewe kan oppervlakkig raak: ’n paar inspirerende gedagtes hier, ’n aanlyn boodskap daar, maar min diep wortels. Psalm 1:1 waarsku teen ’n geleidelike vervreemding:

Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie.

“Wandel”, “staan” en “sit” wys op ’n stadige aanpassing by ’n wêreldbeskouing wat nie deur God se waarheid gevorm word nie. In Johannes 15 roep Christus egter sy dissipels tot volhardende verbondenheid aan Hom en Hy waarsku dat geestelike losmaking van Hom tot vrugteloosheid en uiteindelik geestelike dood lei. Dit is nie bedoel om ware gelowiges in angs te dompel nie, maar om ons te herinner dat alle geestelike lewe voortdurend uit Christus moet vloei.

Pinkster roep ons terug na die kern: Bly in Christus. Laat sy Woord in jou bly. Geestelike groei verg tyd in die Skrif. Dit verg nadenke. Dit verg gehoorsaamheid. Dit verg ’n gewilligheid om gevorm te word.

Lewe vanuit die Lewensbron

Om in die Woord te leef, beteken meer as om dit bloot te lees. Dit beteken dat die Woord ons denke vorm, ons besluite rig en ons reaksies verander. Ons oordink dit, bid daaroor en onderwerp ons daaraan. In die gereformeerde verstaan is die Woord nie maar ’n hulpmiddel tot geestelike groei nie, dit is die middel waardeur die Heilige Gees werk. Die Gees bind ons aan Christus deur die Woord. Hy wek geloof, versterk dit en laat ons volhard.

Wanneer Jesus sê ons moet in Hom bly, is dit nie ’n oproep tot selfstandige geestelike prestasie nie.

Dit is ’n oproep tot afhanklikheid. Ons hou onself nie deur eie krag aan die wingerdstok vas nie. Dit is die Vader wat die lote in die Seun inent en dit is die Heilige Gees wat die lewe laat vloei. Daarom is geestelike groei nie ’n selfbouprojek nie. Dit is genade van begin tot einde. Dit is nie om harder te probeer om jou verlossing uit eie krag te bewerk nie, maar dit is om nederig te ontvang wat God gee. Geestelike groei is nie om uit jouself vrug voort te bring nie, maar om die vrug te dra wat Hy laat groei.

Pinkster vier die werklikheid dat God deur sy Gees in sy kinders woon. Ons sekerheid lê in Hom. Die Lewensbron is naby, want Hy het Homself aan ons verbind. Die waterstrome vloei, nie omdat ons dit laat vloei nie, maar omdat God getrou is aan sy verbond.

Die vraag is dus nie of Christus genoegsaam is nie – daarvan kan ons seker wees. Die werklike vraag is of ons in die weg van sy genade bly: onder die bediening van die Woord, volhardend in gebed, gehoorsaam in ons lewe. Dit is die weg wat Hy gebruik om ons te bewaar en te laat groei.

Mag hierdie Pinkster ons daarom nie net terugneem na die gebeure van Handeling 2 nie, maar ons opnuut vestig in die waarheid van Johannes 15 en Psalm 1: Ons is verbind aan Christus, gewortel in sy Woord en word deur sy Heilige Gees gevoed. Geestelike groei begin nie by ons inspanning nie, maar by die Lewensbron self en deur sy genade bly ons daarin en dra ons vrug. ☺

Ds. Joubert Ferreira is leraar van die AP Kerk Hoedspruit.



Geestelike groei onlosmaaklik verbind aan die Heilige Gees

Ds. Johann Trollip

In die wêreld van selfontwikkeling word ons dikwels geleer dat groei die resultaat van dissipline, wilskrag en die regte programme is. Lees genoeg boeke, volg die regte plan en jy sal 'n beter mens word.

In die koninkryk van God werk dit egter anders. Geestelike groei is nie 'n tegniek wat ons bemeester of 'n kursus wat ons voltooi nie. Dit is 'n lewende proses wat deur die Heilige Gees bewerk word.

Daar bestaan 'n onlosmaaklike band tussen ons geestelike groei en die Persoon van die Heilige Gees. Sonder Hom kan daar dalk godsdienstige aktiwiteit wees, maar geen ware geestelike lewe nie.

Die Heilige Gees: Argitek van geestelike groei

Geestelike groei is nie net vir 'n uitgesoekte groep “geestelikes” nie, maar vir elke kind van God. Hierdie pad begin by die Heilige Gees wat die wedergeboorte in ons bewerk. Hy oortuig ons van sonde en lei ons tot bekering.

Die Skrif leer dat elkeen wat in Christus is, 'n nuwe skepping geword het – die ou dinge het verbygegaan en die nuwe het gekom (vgl. 2 Kor. 5:17). Hierdie nuwe lewe kom nie uit onself nie, maar is 'n gawe van God.

Baie gelowiges ervaar min groei ná hul bekering omdat hulle nie leer om bewustelik in gemeenskap

met die Heilige Gees te leef nie. Die Christelike lewe is immers nie 'n lewe wat ons uit eie krag probeer leef nie. Soos 'n loot wat aan die wingerdstok verbind bly om vrug te dra, groei die gelowige wanneer hy leer om in afhanklikheid van die Heilige Gees te leef. Die Lewegewer is ook die Groeibewerker.

Die seilboot: Oorgawe en die vervulling van die Gees

Die beeld van 'n seilboot help om hierdie band te verstaan. 'n Seilboot is ontwerp vir die wind – sonder die wind is dit net 'n stil voorwerp op die water. Die Heilige Gees is daardie “Wind” wat die krag en rigting vir ons groei gee.

'n Seilboot beweeg egter nie net omdat daar wind is nie. Die matrose moet die seile span. Wanneer die seile gespan is, kan die wind die boot vorentoe dryf.



Hier help Paulus se woorde ons om die beeld beter te verstaan. Hy roep gelowiges op: ... *word met die Gees vervul* (Efés. 5:18). Dit beteken nie dat gelowiges meer van die Gees moet ontvang nie, maar dat die Heilige Gees meer plek in hul lewens kry.

Leer die regte gewoontes aan

As jy werklik geestelike groei in jou lewe wil ervaar, sal jy iets moet opoffer: tyd! God is 'n God van verhoudings. Hy werk dikwels in die stil oomblikke van ons lewens en nooi ons om doelbewus tyd met Hom deur te bring. Juis in hierdie tye gebruik die Heilige Gees die Woord om ons harte te vorm en ons lewens te rig.

Daar is veral 'n paar geestelike gewoontes waardeur die Here ons geloof laat groei:

- Die Heilige Gees werk deur die Skrif om ons denke te vernuwe en ons te leer wat God se wil is. In gebed leef ons in afhanklikheid van God en bid ons doelbewus dat die Heilige Gees in ons lewens sal werk en ons sal lei. Jesus leer immers dat die Vader die Heilige Gees gee aan dié wat Hom daarom vra (vgl. Lk. 11:13).

- Die Heilige Gees werk nie net in individue nie, maar ook in die liggaam van Christus. In die gemeente word ons nie net self opgebou nie, maar gebruik God ons ook om ander te bemoedig, te dien en liefde te bewys.
- Die werk van die Heilige Gees bring 'n nuwe leefstyl. Paulus leer dat ons die ou mens moet aflê (vgl. Efés. 4:22) en waarsku dat ons nie die Heilige Gees moet bedroef nie (vgl. Efés. 4:30). Wanneer ons onder die leiding van die

Gees leef, groei daar nuwe gewoontes: 'n lewe van lof, aanbidding, dankbaarheid en nederige liefde teenoor ander (vgl. Efés. 5:19-21).

'n Lewe van voortdurende oorgawe

Geestelike groei is uiteindelik die natuurlike gevolg van 'n lewe wat onlosmaaklik aan die Heilige Gees verbind is. Die Christelike lewe gaan dus nie oor hoe hard ons probeer groei nie, maar of ons Geesbeheerd leef.

Wanneer ons in gehoorsaamheid, aanbidding en liefde leef, word ons lewens soos 'n seilboot met seile wat gespan is. Die wind van die Gees dryf ons dan vorentoe en vorm stadig maar seker die karakter van Christus in ons.

Die vraag is dus nie of die "Wind" waai nie. Die vraag is of ons seile gespan is! 🌬️

Ds. Johann Trollip is leraar van die AP kerke Kathu en Kuruman.



IS JY IN DIE BUITELAND?

Bestel deur Amazon se druk-op-aanvraag-opsie

Order on Demand
amazon

Jy hoef nie lank te wag of hoë kostes aan te gaan om jou boek **vanuit SA** te bestel nie.

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Lig in Duisternis Uitgewers

se Kindle-e-boeke is die antwoord vir boekwurms wat lig wil reis, maar steeds diep wil delf.

DEUR DIE OÊ VAN 'N MAN
PETER VAN DER MERWE

amazon kindle

Die apie wat nie kan stilsit nie
CHRISTUS
SONNEMAG
LANK LEWE EN BLITSE
CHRIS KALLEN

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Lig in Duisternis UITGEWERS

Die apie wat nie kan stilsit nie

Kom saam op 'n vroetelkous se avonture

'n Vrolike, kostelike verhaaltjie oor **wilskrag** en **groei**.

Marian van de Ham
Illustrasies deur Suzanne Coetzee

Nou beskikbaar teen slegs **R150**



Geestelike groei: Afsterwe van die ou mens; opstanding van die nuwe mens

Ds. Jaques Boonzaier

Van kindsbeen af word ons geleer van die Bybel, van wat God in en deur sy Seun, ons Here Jesus Christus, in die krag van God die Heilige Gees kom doen het. Ná belydenis van geloof is die vraag egter: Groei ek nog in die geloof en wat behels geestelike groei?

Geestelike groei is nie bloot die byvoeging van nuwe kennis of die aanleer van beter gewoontes nie. Dit is 'n diepgaande, innerlike verandering wat die hele mens raak. Die Woord beskryf hierdie proses as die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Dit is kruis dra en opstanding in die lewe van elke gelowige – 'n voortdurende sterwe vir die sonde, maar lewend vir Christus.

In Romeine 6 leer die apostel Paulus dat ons saam met Christus gesterf en saam met Hom opgewek is. Ons oue mens is saam gekruisig sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word. Hierdie waarheid is nie bloot simbolies nie; dit het praktiese implikasies. Die “ou mens” verwys na ons bestaan in Adam – vasgevang in selfliefde, hoogmoed, ongehoorsaamheid en sondige begeertes.

Maar hoe sterf ons die ou mens af? Dit gebeur nie deur blote selfdisipline of wilskrag nie. Die heilsorde verklaar dit vir ons baie mooi. Dit begin by eenwording met Christus deur geloof. Wanneer iemand deur die Heilige

Gees wedergebore word, ontvang hy/sy as't ware 'n nuwe identiteit. Tog bly daar 'n daaglikse stryd. Paulus getuig in Galásiërs 2:20:

Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Hierdie gekruisigde lewe is 'n voortdurende selfverloëning van jou ou, sondige self – om eie eer prys te gee, sondige begeertes te kruisig en God se wil bo jou eie te stel.

Geestelike groei is dus pynlik. Sterwe impliseer verlies. Ons sterf aan trots wanneer ons vergifnis moet vra. Ons sterf aan selfsug wanneer ons ander eerste stel. Ons sterf aan wêreldse sekerhede wanneer ons God volkome vertrou.

Tog is hierdie sterwe nooit doelloos nie. Soos 'n koringkorrel in die grond moet val en sterf om vrug te dra, so bring die afsterwe van die ou mens nuwe lewe voort. Hierdie nuwe lewe word beskryf

as die “nuwe mens”. In Efésiërs 4 roep Paulus gelowiges op om die ou mens af te lê en die nuwe mens aan te trek *wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid* (v. 24) Ons moet bewustelik aflê wat sondig is: leuens, bitterheid, toorn, onreinheid – en aantrek wat by Christus pas: waarheid, sagmoedigheid, liefde en reinheid.

Dit is God wat wederbaar, wat die nuwe lewe skenk, wat deur sy Gees werk. Maar dit is ook ons verantwoordelikheid om teen die sonde te stry, om ons gedagtes te vernuwe, om gehoorsaam te wees. Dit is egter belangrik om te besef dat hierdie proses nie eenmalig is nie. Alhoewel ons in Christus reeds gesterf en opgewek is, beleef ons prakties 'n daaglikse heiligmaking. Elke dag bring nuwe geleenthede om die ou mens te kruisig en die nuwe mens te laat lewe.

Geestelike groei word immers ook sigbaar in die lewe van die gelowige. Die ou mens soek eie eer, maar die nuwe mens soek die eer van God op alle terreine van die lewe. Dit is nie groot woorde of indrukwekkende gawes wat geestelike groei of

Vervolg op bl. 27 >>


DIE PROFEET OBÁDJA

OPGESTEL DEUR
DALEEN PIENAAR

SOEKWOORDE

AANSKOU	HELDE	***** (5)
AARDE	JAKOB	SKANDE
AREND	JERUSALEM	STEDE
BALLINGE	***** (4)	STERRE
BEDRIEG	JUDA	***** (3)
BENJAMIN	KINDERS	STRIK
BROOD	KRUISPAD	SUIDLAND
DEURSOEK	LAEVELD	SWELG
DIEWE	MOORD	TEMAN
**** (1)	***** (7)	TOEBEHOORT
EFRAIM	NASIES	TYDING
ESAU	NEERKOM	UITGEROEI
GEBERGTE	NEERWERP	UITLANDERS
GEDRINK	***** (2)	VERBORGE
GENOT	ONHEIL	VERDELG
GESPOG	ONTKOMING	VERHEUG
GESTEEL	POORTE	VERNIETIG
GRENS	***** (6)	VERSTAND
HART	RYKDOM	VLAM
HEILIGE	SAMARIA	VRAE

- 1 Watter nakomelinge van Esau was hoogmoedig teenoor die inwoners van Jerusalem toe die Babiloniërs Juda aangeval het? (Obad. 1:1, 8)
- 2 Watter profeet was gereken as tydgenoot van die profete Jeremia en Eségiël? (Obad. 1:1)
- 3 Met watter deel van die koringaar (ná afhandeling van die oes) word Edom vergelyk? (Obad. 1:18)
- 4 Watter ander ryk sal saam met die huis van Jakob as 'n eenheid die Edomiete soos vuur verteer? (Obad. 1:18)
- 5 Uit watter plek in die weste van Klein-Asië sal die Judeërs terugkeer om hul erfenis in besit te neem? (Obad. 1:20) (Later bekend as Sardis.)
- 6 Watter hoë, ontoeganklike plekke in die berge (waar Edom gewoon het,) het simbolies bygedra tot sy hoogmoed? (Obad. 1:3)
- 7 Wie het saam met die diewe en die druiweplukkers Edom geplunder? (Obad. 1:5)





Hoe kan lyding my geestelik laat groei?

Ds. Lourens Prinsloo

Opregte kinders van die Here het nodig om geestelik te groei om daardeur meer en meer aan hul roeping as gelowiges wat God wil verheerlik, gehoorsaam te wees.

Wanneer ons lyding beleef, is daar 'n paar gereelde vrae wat na vore kom. Aan die een kant vra ons na die oorsaak van ons lyding en aan die ander kant na die doel daarvan.

Ons moet waak teen oppervlakkige en algemene antwoorde op hierdie vrae, aangesien dit opnuut lei tot verwatering van ons geloof en dit vir die getraumatiseerde weinig vertroosting bied.

Ons moet eerder op soek wees na hoe die lyding wat ons so intens beleef, tot geestelike groei kan bydra.

Lydung op verskillende terreine van die lewe

Fisiese lyding is wat ons aan ons liggame voel en beleef, soos siekte en beserings.

Emosionele lyding word beleef as ons byvoorbeeld hartseer is, verlies of verwerping ervaar of emosies soos eensaamheid, ang of teleurstelling beleef.

Geestelike lyding volg dikwels op fisiese en emosionele lyding wanneer die hoekom- en waarom-vrae gevra word. Dit lei dikwels ook tot 'n vraag na die doel en sin van ons lewens.

Terwyl ons saam met Paulus in 1 Korinthiërs 13 behoort te getuig dat ons nou net “ten dele” ken, is dit ook nodig om dieper na hierdie saak te kyk. Die Here laat ons nie oor om te worstel sonder om enige antwoorde te vind nie. Hy is 'n genadige Vader wat ons liefhet.

Hoekom beleef ons lyding?

Ons is sondaars in 'n sondige wêreld waarin daar voortdurend lyding sal wees. Dit is nodig dat elke gelowige eers tot die besef van sy verlorenheid sal kom, alvorens hy die grootsheid van God se reddende genade waarlik sal verstaan. Ons moet eers besef hoe ons sonde Jesus na die kruis gestuur het, voordat ons die krag van die kruis en die opstanding in ons eie lewens sal begryp.

Lydung/trauma is 'n gevolg van die sondeval en die mens se onvermoë om aan God gehoorsaam te wees.

Breek lyding ons nie net af nie?

Lydung as tugtiging/vermaning
Wanneer ons lyding en trauma beleef, is God dikwels besig om ons met Vaderlike liefde

te tugtig. Dit is, soos Johannes Calvyn opmerk, nie tugtiging in die sin van straf nie, maar eerder iets soos vaderlike opvoeding. Daarom word ons midde ons lyding opnuut van God se teenwoordigheid in ons lewens bewus.

Lydung as loutering

Die mens is dikwels geneig om te veel van sy eie voor- en afkeure in sy geloof te wil inbou. Wanneer ons lyding beleef, is die Here dikwels besig om ons geloof te suiwer en op te bou. Petrus skryf in 1 Petrus 1:6-7 dat ons geloof gelouter (gesuiwer) word soos goud deur vuur heen. Jakobus 1:2-4 noem dat beproewing volharding meebring en dit weer geestelike groei bewerk. Daarom noem Calvyn lyding “die skool van Christus” waar die mens leer om homself te verloën en Jesus se kruis op te neem.

Lydung as navolging van Christus

Ons moet meer en meer soos ons Here Jesus word. Paulus skryf in Romeine 8:17 dat wanneer ons saam met Christus ly, ons ook saam met Hom verheerlik sal word. Ons lyding herinner ons aan die lyding van Jesus, maar ons lyding is nooit 'n weg tot redding nie. Volgens Herman Bavinck vorm dit deel van die mens se

geestelike groei wat lei tot die afsterwe van die ou mens. Die Dordtse Leerreëls herinner ons in Hoofstuk 5 dat God in en deur die stryd van die lewe sy kinders bewaar en versterk.

Lyding bewerk hoop

Romeine 8:18 (2020-vertaling) sê:

Ek is oortuig dat die lyding van die huidige tyd nie vergelyk kan word met die heerlijkheid wat bestem is om aan ons geopenbaar te word nie.

Hierdeur word ons oë opnuut gerig en gevestig op die heerlijkheid wat op ons wag. Lyding dring gelowiges om aan Christus as hul lewende hoop vas te hou.


Lyding en die gemeenskap van die gelowiges

Galásiërs 6:2 leer ons om mekaar se laste te dra. So word ons geloof opnuut versterk wanneer ons besef dat God ander gelowiges in ons lewens gewil het om ons opnuut daarop te wys dat ons nie alleen is nie. Die ondersteuning wat ons ervaar of aan ander in tye van lyding gee, versterk die gemeenskap van die gelowiges.


Lyding is nie God se straf op ons sonde nie, maar eerder 'n bewys van sy genade en 'n herinnering aan hoe groot die redding is wat ons reeds ontvang het. Lyding wat op ons geestelike groei gerig is, is juis die bewys van God se liefde en teenwoordigheid en nooit van sy verwydering of verwerping nie. ☺

Ds. Lourens Prinsloo is leraar van die AP Kerk Jeffreysbaai.

BINNEKORT BESIKBAAR!



Paulus se groot brief is vir kinders van 8-12 jaar oud geskryf en neem jou kind op 'n prettige, boeiende en maklik verstaanbare reis deur die boek Romeine. As 'n waardevolle hulpmiddel vir ouers, grootouers, predikante, bedieningsleiers en persoonlike stiltetyd, help *Paulus se groot brief* om die gaping te oorbrug wat kinders dikwels ervaar wanneer Paulus se briewe behandel en verduidelik word. Mag jou kinders die heerlijkheid van God se evangelie raaksien!



Ontdek *Augustinus se belydenisse*, 'n eerlike en aangrypende verhaal van sonde, soeke en genade. Met diep openhartigheid deel Augustinus sy innerlike stryd en uiteindelijke bekering. Hierdie tydlose werk is meer as 'n outobiografie; dit is 'n gebed en 'n uitnodiging tot selfondersoek. Ideaal vir elkeen wat smag na waarheid, rus en geestelike groei.



Christus bid vir sy kinders

Ds. Fredry Pretorius

Dit is noodsaaklik dat ons vir ander se geestelike groei bid: vir ons geliefdes, vir ons gemeentes, vir ons volk en vir die groei van Christus se koninkryk oor die hele wêreld. Tog het ons dit net so nodig dat daar vir óns gebid sal word. Maar die grootste troos vir elke gelowige is dat die Here Jesus self vir ons bid.

In Lukas 22:32 sê Hy vir Petrus:

Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.

Hierin sien ons iets van die hart van die evangelie. Jesus is die ware Profeet wat die Skrifte vervul het, die ware Koning wat oor alles regeer en die ware Hoëpriester wat vir sy kinders by die Vader intree.

In die Ou Testament het die hoëpriester een maal per jaar die Allerheiligste binnegegaan met die bloed van die offer. Hy het die bloed op die versoendeksel gesprinkel as teken van versoening. Christus het egter meer gedoen. Hy het Homself as offer gegee, sy eie bloed gestort en vir ons die weg na God oopgemaak. Maar Hy het nie net

gesterf nie – Hy leef ook om vir ons in te tree. Hy is ons Middelaar wat voortdurend vir gelowiges bid.

Die troos van Christus se voorbidding

Ons bid gereeld vir baie mense. Daar is mense vir wie ons daaglik bid: familie, vriende, gemeentelede en ander gelowiges. Die Skrif leer ons immers dat die vurige gebed van 'n regverdige groot krag het (vgl. Jak. 5:16).

Ons voel egter dikwels dat ons gebede swak is. Ons weet hoe gebroke ons geloof en ons gehoorsaamheid is. Daarom lê ons gebede uiteindelik in die hande van Christus, die ware Regverdige. Deur die werk van die Heilige Gees word ons gebede na Hom geneem wat volmaak vir ons intree.

As jy aan Christus behoort, bid Jesus vir jou

Dit is presies wat die Here vir Petrus sê. Petrus sou Hom verloën. Sy val sou groot wees. Tog sê Jesus nie: “As jy dalk terugkom” nie. Hy sê: “Wanneer jy terugkom.”

Kan ek vertrou dat ek ook soos Petrus 'n goeie dood sal sterf? Ja, maar nie omdat ek in myself vertrou om in die geloof behoue te bly nie, maar omdat ek op Jesus Christus vertrou as my Middelaar

wat vir my intree en vir my bid. Al struikel ek en val, sal ek weer opstaan en na Hom terugkeer.

Gebed in die lig van Christus se vernedering

Hierdie woorde aan Petrus kom op 'n merkwaardige oomblik. Net voor dit het die dissipels gestry oor wie die belangrikste onder hulle is (vgl. Lk. 22:24). Terwyl hulle oor eer en posisie stry, is Jesus reeds op pad na die kruis.

Wanneer ons bid vir geestelike groei – vir onself en vir ander – moet dit altyd in die lig van Christus se vernedering gebeur. Dit is onmoontlik om vol selfvertroue, selfverheffing en trots te wees wanneer die gekruisigde Christus voor jou staan. Gebed word juis die plek waar ons ons trots aflê en erken dat ons geheel en al van God se genade afhanklik is.

Ware gebed breek die selfvertroue van die mens af. Dit leer ons om elke dag ons eie krag en verdienste by die kruis van Christus neer te lê.

Gebed as 'n daaglikse oefening van afhanklikheid

Gebed moet daarom 'n daaglikse geestelike oefening wees. Dit is

die plek waar ons leer om minder te word sodat Christus meer kan word (vgl. Joh. 3:30).

Wanneer ons bid, neem gelowiges ook iets van hul priesterlike roeping op. Ons dra mekaar se laste voor die Here. Ons bid vir die geloof van ons broers en

susters. Ons bid vir die kerk van Christus oor die hele wêreld. Maar ons doen dit altyd met 'n diepe troos: Terwyl ons vir ander bid, bid Christus vir ons. Terwyl ons swak gebede opstuur, tree Hy volmaak vir ons in. Daarom rus die volharding van die gelowige nie uiteindelik op die krag van sy/

haar gebede nie, maar op die krag van Christus se voorbidding.

Dit is juis hierdie waarheid wat ons gebede vrymoedig maak. Ons bid omdat ons weet dat ons Middelaar leef – en dat Hy self vir sy kinders intree. ☺

Ds. Fredry Pretorius is tans beroepafwagend.

«Vervolg vanaf bl. 22

Geestelike groei: Afsterwe van die ou mens; opstanding van die nuwe mens

volwassenheid bewys nie, maar 'n Geesvervulde karakter.

Die uiteindelijke doel van hierdie sterwe en opstanding is gelykvormigheid aan Christus Jesus, ons Here. God is besig om ons te vorm na die beeld van sy

Seun en elke keer as die ou mens sterf, word iets van Christus se heerlijkheid in ons sigbaar.

Geestelike groei is dus nie 'n gemaklike reis van selfverbetering nie, maar 'n Geesvervulde pad van heiligmaking. Dit vra oorgawe,

nederigheid en volharding. Tog is dit 'n pad van hoop. En eendag, wanneer die laaste oorblyfsels van die ou mens finaal verdwyn, sal ons volkome nuut wees – volmaak in Christus. ☺

Ds. Jaques Boonzaier is leraar van die AP Kerk Hluhluwe.

BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2026

Graad	Ou Testament	Nuwe Testament	Handboek
Graad 4	Génesis 12-13; Exodus 18-20	Markus 13-14	Les 1-9
Graad 5	Esra 1, 4, 7, 9	Johannes 13-16	Les 1-9
Graad 6	1 Samuel 1-3	Handelinge 6-7; Kolossense 1-2	Les 1-9
Graad 7	1 Samuel 13; 16; 1 Konings 5; 2 Kronieke 1	2 Thessalonicense 1-3	Les 1-9
Graad 8	Levítikus 23-25; Ester 1-5	Titus 1-3; 2 Petrus 1-3	Les 1-9
Graad 9	Daniël 4-6; Jesaja 11-17	1 Johannes 1-5	Les 1-9
Graad 10	Job 6; Hoséa 4-6; Joël 3	Efésiërs 3-4; Hebreërs 11	Les 1-9
Graad 11	Hábakuk 1-3; Prediker 5-7	Romeine 12-14; Openbaring 1-3	Les 1-9
Belydende lidmate	2 Konings 4-7; Levítikus 8-10	Jakobus 1-3; Openbaring 8-11	NGB: Artikel 33-35

R185

Kry nou betroubare, historiese en Skrifgetroue verklarings in Afrikaans

Die Nuwe Testament met die kanttekeninge: 1933/53-vertaling

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Mentorskap wat geestelike groei stimuleer

Ds. Greyling van Rooyen

Geestelike begeleiding en karaktervorming is deur die voorsienigheid van ons Here deel van die nalatenskap wat ons as 'n gereformeerde kerkverband ontvang het. Die vaders van die Reformasie het dit ten sterkste as deel van kerkwees beklemtoon:

Luther was oortuig dat elke gelowige die verantwoordelikheid het om ander deur Bybelstudie, bemoediging en vermaning te help groei.¹



Calvyn het die fokus geplaas op groei binne die geloofs-gemeenskap waar leiers en medegelowiges mekaar daartoe help, met die kerk as "moeder wat gelowiges voed en vorm".²



Melanchton het ook gehandhaaf dat dit die kerk se taak is om gelowiges te leer, te vorm en te lei.³



Vanuit hierdie nalatenskap kan kerklike mentorskap beskryf word as geestelike begeleiding wat geestelike groei volgens die Skrif, aan die hand van 'n doelbewuste verhouding, stimuleer, en waar een persoon (volwasse in die geloof) 'n ander help om nader aan God te groei, al meer soos Christus te word en sy roeping uit te leef. Dienooreenkomstig is die volgende Bybelse elemente 'n paar van die belangrikste eienskappe van geestelike mentorskap:

Voorbeeld in lewe

Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is (1 Kor. 11:1).

'n Geestelike mentor is iemand wat deur sy/haar lewe wys hoe geloof prakties lyk. Hy leef wat hy verkondig. Dit sluit in, maar is nie beperk daartoe nie, sy karakter, gebedslewe, gehoorsaamheid en nederigheid. Ons sien dit in die Skrif in die voorbeeld wat Moses aan Josua, Elía aan Elísa en Paulus aan Timótheüs gestel het.

Onderrig in die Woord

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus (2 Tim. 3:16-17).

'n Integrale deel van geestelike mentorskap is onderwysing in die Woord van God. 'n Mentor help ander om die Skrif te leer, dit beter te verstaan en om dit toe te pas. Kortweg beteken dit om iemand deur die Skrif te begelei sodat hy/sy God beter leer ken, geestelik sal groei en die Bybel prakties uitleef. Die geestelike mentor wakker die honger by sy leerling aan om meer en meer van die Skrif te wil leer.

Voorbereiding en groei

... en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer (2 Tim. 2:2).

Geestelike mentorskap is doelbewus 'n voordurende en herhalende proses. Ons vind 'n ketting van dissipelskap – die een mentor se leerling word so bearbei dat hy as mentor vir 'n volgende persoon kan optree, ensovoorts. Dit behels die oordra van kennis, versterking in die geloof en verdieping van 'n lewende verhouding met die Here, wat deur die mentor by sy leerling gestimuleer word.

Bemoediging en sorg

... en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor (Hebr. 10:24).



'n Geestelike mentor help en lei 'n ander deur beide die goed en die sleg van die lewe. Die kern daarvan is gebed en aansporing op grond van die heerlike werklikheid wat God vir sy kinders deur die vervulling van sy beloftes geskets het. So word geleer om altyd bewustelik 'n pad saam met God te stap, ongeag jou gemoedstoestand of die omstandighede waarin jy verkeer.

Verantwoording en vermaning

Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander (Spr. 27:17).

'n Geestelike mentor lei sy leerling om die sonde te konfronteer en om in gehoorsaamheid en dankbaarheid te groei. In liefde word daar op hierdie wyse deur eerlike gesprekke geestelike dissipline gekweek.

Slot

Geestelike mentorskap is dus nie net 'n wonderlike nalatenskap van ons kerk en heerlike beginsel vanuit die Skrif nie, dit is ook 'n opdrag van ons Koning en Here. Ons word aangespoor om die regte mentors aan te hang soos wat hulle 'n pad saam met die Here loop, maar om self ook te groei om ander in die Here se spore te kan lei. Volg 'n Godvresende mentor, maar wees ook 'n Godvresende voorbeeld vir ander. ☺

Ds. Greyling van Rooyen is leraar van die AP Kerk Potgietersrus.

1. M. Luther, *Luther's Works: Lectures on Galatians* (1535), vol. 26, (St. Louis: Concordia Publishing House, 1959), 112.
2. J. Calvin, *Institutes of the Christian Religion*, (Philadelphia: Westminster Press, 1969), 1016.
3. P. Melancton, *Loci Communes* (1543), (St. Louis: Concordia Publishing House, 1999), 23-25.

Oor VVV's en hul vreemde passasiers ...¹

In 'n wêreld waar die media ons gedurig vertel dat “wetenskaplikes” oortuig is dat dit onmoontlik is dat daar nie ook lewe (selfs meer gevorderde lewensvorme as hier op aarde) op ander sterrestelsels se planete kan voorkom nie – glo omdat die heelal te groot is om so 'n moontlikheid te kan ignoreer – behoort ons mos nie verras te wees dat so 'n dwaling posgevat het nie. Voorstanders hiervan verdedig selfs hul ontoetsbare stelling met die argument dat daar mos nie biljoene Amerikaanse dollar hierop spandeer sou word indien dit nie waar is nie.

Dat lewe glo spontaan ontstaan het, dit wil sê, sonder om God al die eer vir alle lewe te gee, en dat sogenaamde ruimtewesens die mensdom op aarde kom besoek (vir welke verbeelde wetenskaplike redes ook al), word sensasioneel en sonder inagneming van wat God se Woord daaroor mag sê, skaamteloos aan die wêreld opgedis.

Al meld die Bybel nie moderne tegnologie soos telefone, rekenaars en motorvoertuie nie (dit het immers tog nie geloofswaarde nie, want dit ondermyn nie die gesag van die Woord nie), sou die besoek van vreemde ruimtewesens mos vooraf aan God bekend gewees het? Sodanige besoeke sou mos groot gebeurtenisse in die aarde se geskiedenis wees? Dit sou mos die mens se plek in God se raadsplan kon bevraagteken? Dit is daarom nie vreemd om te wonder wat die Bybel oor so 'n gedagte sê nie.

Tersaaklike artikel in *Die Boodskapper* handel meerendeels oor 'n hedendaagse geloofsdwaling ten opsigte van die sogenaamde VVV's en hul vreemde passasiers. In aansluiting daarby verskaf die volgende artikel (ook deur Gary Bates) verdere toeligting, óók op 'n Bybelgegronde wyse. (Lees die artikel hier: www.bit.ly/3Q9C5AY.)

Dit bespreek moontlike Bybelgefundeerde implikasies waaroor ons dalk mag wonder ten opsigte van Christus se lyding, sterwe, opstanding en oorwinning oor die sonde indien daar ook ander wesens sou bestaan, wat nie nasate van die eerste Adam sou wees nie. Daarom mag hierdie addisionele artikel waarde hê om die aanslag van hierdie nuwe dwaling, wat selfs deur ons eie media en opvoedingsinstansies as iets onskuldig voorgehou word, ingelig te kan beoordeel en te weerstaan, saam met voortdurende verwysing na die Woord van God.

Br. Theo Roos
AP Kerk Oos-Rand

1. In aansluiting by die insiggewende artikel “Die VVV-godsdiens: Die wêreld se vinnigste groeiende ‘wetenskaplike’ godsdiens?”, *Die Boodskapper*, April 2026, 20-22.



AP KERK DELMAS

Ons braai saam

Op 21 Februarie het ons 'n verbondsonderrig- en gemeentebraai gehou. Die susters het gesorg vir heerlike slaai en die broers het vir ons 'n vleisie gebraai. Ds. Pieter van Deventer en van ons lidmate het saam met die kinders die glybaan geniet. Dit was 'n dag van heerlike pret en plesier. Dankie vir almal se bydrae en bywoning van hierdie suksesvolle prettag.

Fransesca Pretorius



AP KERK BAINSVLEI

Verootmoediging: 31 Mei

Laat ons dit nou maar aan mekaar erken: Die "Boervolk" van Suid-Afrika is diep in die moeilikheid. As volk het ons "alles" in die bestek van 32 jaar verloor. Die sataniese einddoel egter, is om die Geloofvolk van sy Christelik-kulturele herkoms te vervreem. Oor enkele dekades heen is die nageslag, en die ouers van môre, in staatskole omvorm tot kulturele vreemdelinge. Sou die laaste bastion vir die Geloofvolk ook nou in duie stort?

"Waar is God dan?" kom die noodkreet uiteindelik. "In jou Bybel!" kerm die gewete.

Die Skrif gee die antwoord in 2 Kronieke 7:14: ... en [as] my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig

soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees. (Let op die kollektief.)

Op Sondag 31 Mei (Republiekdag) verootmoedig die AP kerke Bainsvlei en Bloemfontein-Noord gesamentlik in die Noord-kerk. Die kerkrade van beide gemeentes nooi elke lid van die Boervolk uit na hierdie grootse geleentheid. Kom ons gaan roep tot ons hemelse Redder!

Aan ander AP kerke: WhatsApp hierdie boodskap asseblief na elke volksgenoot op jou lys. Ook aan gereformeerde lidmate buite die AP kerkverband en vra hulle om dieselfde te doen.

Willem Etsebeth (navrae: 084 584 8701)



Die Voortrekkers-trilogie vertel van gewone mense wat buitengewone dinge gedoen het

NOU BESKIKBAAR

Lig in Duisternis
UITGEWERS

AP KERK RUSTENBURG

Verbondsonderrig

Ons verbondsonderrig het op 8 Februarie weer 'n aanvang geneem. Die gemeente is verheug oor die groei wat daar plaasvind.

Nagmaalviering

Op 15 Februarie het ons die heilige nagmaal gevier. Ná die diens is 'n smaaklike en kleurvolle gemeente-ete aangebied. Die bywoning was baie goed en die samesyn werklik geseënd.

Micky Badenhorst



Nagmaalviering



Verbondsonderrig



Verbondsonderrig



Keer terug na gereelde en passievolle
Bybelse aanbidding in jou huis

Huisgodsdienst deur Joel R Beeke is nou beskikbaar



SUIDKUS – MARGATE

Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig
vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.

Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of
skakel of sms Thys: 082 921 1922

BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

Ruim, luukse oornagwoonstel, asook
kothuis en kamers, met eg Suid-Afrikaanse
gasvryheid. Veilige parkering. Skoon en
netjies met TV. Stil en rustige atmosfeer.

Tel: 051 522 6035 / Sel: 082 726 9959

IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars,
skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars
het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za

AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE

Wit kerkdasse @ **R120** • Moullose swart trui @ **R550**
10 en 20 jaar gedenkdasie ook beskikbaar op navraag

Tel: 015 298 8028 • Faks: 086 530 5709

E-pos: pietersburg@apkerk.co.za

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.

ST LUCIA - Vakansiewoonstelle te huur

Villa Mia 22 - 2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon
(slaap 4). **Villa Mia 15** - 2 slaapkamers, 1 badkamer (stort), stoep
(slaap 6). Veilige parkering (afdak) in die kompleks, swembad,
braaigeriewe, gratis WiFi en daaglikse skoonmaakdienste.

SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's

ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS

Vakansiewoonstel loopafstand vanaf
die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6),
volledig toegerus met DSTV.

Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430



AP KERK GROBLERSDAL

Belydenis van geloof

Dit is altyd vir 'n gemeente 'n besondere vreugde wanneer geloof nie net bely word nie, maar ook sigbaar geleef word. Ons is dankbaar om die lidmate geluk te wens met die aflê van hul geloofsbelydenis.

Mag hierdie stap vir elkeen van julle 'n anker wees in tye van storm en 'n kompas in tye van onsekerheid. Ons bid dat jul geloof sal groei, verdiep en vrug dra in die jare wat voorlê.

Nuwe lidmate

Ons gemeente het ook die voorreg gehad om nuwe lidmate hartlik te verwelkom: Nardus en Meggan van Wyk en dooplidmate Josef en Riani; Nathen en Ané du Plessis en baba Phillip; Cleon en Linda Grobler en Ida Bezuidenhout, Cecilia Schoon en Johan van Niekerk.

Ons vertrou dat julle 'n geestelike tuiste in die AP Kerk Groblersdal sal vind – 'n plek van saam bid, saam dien, saam lag en saam groei. Mag ons as gemeente mekaar se laste dra, mekaar bemoedig en saam aan God se koninkryk bou.

CeeJee Pretorius



Agter v.l.n.r.: LJ van Rensburg, SJ Bronkhorst, Thysie de Villiers en Dian Oosthuizen; voor v.l.n.r.: Ds. Hendrik du Plessis, Tianet de Jager en Henno Seyffert



Tianet de Jager word gedoop en lê belydenis van geloof af

VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom afluier.


ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTE TE VOORSIEN.

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

www.volkshulp.org.za

Tel: 012 755 8201 • Sel: 082 6827454

Adres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria



AP KERK POTCHEFSTROOM

Paassangdiens

Ons jaarlikse Paassangdiens het op Sondag 22 Maart plaasgevind. Ds. Herman Kok het die diens gelei en sy boodskap met die tema: "My siel, wees bly!" was uit 2 Korinthiërs 12:1-10. Ons orrelis, br. Riaan Mulder, het die Paassangdiens se program saamgestel. Daar was voorlesings deur lidmate, asook ons eie kerkkoor wat opgetree het. Ná die verrigtinge het lidmate en gaste rondom heerlike eetgoed, deur die susters voorberei, gekuier. Srs. Stephanie Mulder en Marlene van Schalkwyk het gehelp om die kerk en saal te versier.

Ons is dankbaar dat ons hierdie geleentheid weer kon herdenk en so besef wat die Here Jesus Christus vir ons aan die kruis gedoen het.



Paassangdiens



Paassangdiens

Kerkradslede

Die roepstem van ons Koning klink op uit Jesaja 6:8: *Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.* Dit was dan ook so dat Potchefstroom se gemeente in die bevoorregte posisie was om op Sondag 29 Maart ouderlinge en diakens te kon bevestig om in sy koninkryk te arbei. Ons goeie wense vergesel elke broer wat in die amp bevestig is. Mag u u herderlike plig uitleef en die Here met oorgawe dien.



Kerkradslede

Riaan Mulder



DIE BUITER AVONTUURVERHALE

Die Buiters is 'n man wat 'n merkwaardige dubbele lewe gelei het. Jan Publik sien hom as 'n hoflike, adellike en kleurrike ruiter, en terselfdertyd word hy deur skurke gevrees.

Ook beskikbaar op
amazon kindle

Al nege boeke NOU beskikbaar.

Bestel joune vandag.












Lig in Duisternis
UITGEWERS

GEORGE KADLOF



Eensydige amnestie en die onderhandelinge van die 90's – Dr. Pieter Mulder



Tans word die amnestie-geskiedenis baie eensydig aangebied met “ANC-vryheidsvegters” as helde aan die een kant, teenoor Afrikanerweermag- en polisielede wat niks goeds kon doen nie.

Om hierdie eensydigheid reg te stel, moet die volledige amnestie-geskiedenis vertel word.

Op 4 Mei 1990, drie maande nadat Nelson Mandela vrygelaat is, teken Mandela en FW de Klerk die Groote Schuur Minuut. Die eerste paragraaf lui: “Die regering en die ANC stem saam oor ’n gemeenskaplike verbintenis tot die oplossing van die bestaande klimaat van geweld en intimidasie uit watter oorde ook al, sowel as ’n verbintenis tot stabiliteit en ’n vreedsame onderhandelingsproses.”

De Klerk verklaar met groot oortuiging dat ’n nuwe en beter Suid-Afrika op almal wag deur middel van die vreedsame onderhandelingsproses waarop hulle ooreengekom het. Die einde van geweld is in sig. Skeptici waarsku egter dat die ANC nie vertrou kan word nie.

Twee maande later, met die onderhandelinge nog aan die gang, ontdek die polisie se veiligheidstak in Durban ’n geheime ondergrondse sel van die ANC. Verdere ondersoek ontbloom Operasie Vula. Dit is ’n groot ANC-operasie onder leiding van Mac Maharaj, Ronnie Kasrils en Sphiwe Nyanda. Die drie is

prominente lede van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee.

Operasie Vula was besig om ondergrondse selle orals in die land te vestig. Die doel was om as ’n netwerk te dien vir ’n gewapende oorname van die regering as die onderhandelinge nie na die wens van die ANC/SAKP-alliansie sou verloop nie. Daarvoor is groot hoeveelhede wapens onwettig die land ingebring en in opslagplekke versteek. Vula verbreek alles wat by Groote Schuur ooreengekom is.

Operasie Vula is in 1986 in Lusaka onder leiding van Oliver Tambo as ANC-leier, Joe Slovo en Jacob Zuma as hoof van ANC-intelligensie geloods. Ná Mandela se vrylating in 1990 is besluit om daarmee voort te gaan ongeag die onderhandelinge met die Nasionale Party en die Groote Schuur Minuut, wat alle geweld afgesweer het. Maharaj, Nyanda en verskeie ander lede wat by Vula betrokke was, is in hegtenis geneem op die ernstige aanklagte van hoogverraad en sabotasie.

Chris Hani, leier van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party (SAKP), het vroeër die ANC/SAKP se onderhandelingstaktiek soos volg uitgespel: “Ons moet

ferm in beginsel en buigsaam in taktiek wees – die beginsel bly die oordrag van mag na die SAKP/ANC-alliansie, terwyl buigsaamheid in taktiek die gelyktydige gebruik van beide praat en veg beteken.”¹ Operasie Vula bevestig hierdie taktiek.

Toe Mandela deur De Klerk met die feite van Operasie Vula gekonfronteer word, is hy onthuts. Of hy daarvan geweet het of nie, kan nie vasgestel word nie. Die ANC sit met ’n rooigesig. Tog eis hy arrogant dat hul lede onmiddellik amnestie moet kry en vrygelaat word. Die polisie verskil ernstig hiervan en beveel aan dat die beskuldigdes vervolg moet word om die groot omvang van Operasie Vula bloot te lê en die oneerlike optrede van die ANC te ontmasker. Minister Kobie Coetsee, as die verantwoordelike minister, meen egter dat vervolging die onderhandelinge sou kelder en dat vrywaring aan die beskuldigdes verleen moes word.


Toe die polisie van hierdie vrywaring hoor, dring hulle daarop aan dat in daardie geval die geleentheid benut moet word om algemene amnestie te verkry vir almal (polisie- en weermaglede

1. Spesiale Verslag MK, Junie 1991.



Geestelike groei

Pieta Oosthuizen



Deur die krag van die Heilige Gees

Wanneer daar oor geestelike groei gepraat word, is dit belangrik om te onthou dat dit nie 'n menslike daad is nie, maar deur die krag van die Heilige Gees in mense bewerkstellig word. Paulus herinner ons hieraan in 1 Korinthiërs 3:6: *Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei.* Dit beteken egter nie dat ons nou niks hoef te doen nie en heeldag en aldag vir God moet sit en wag om in ons harte die groei te bewerkstellig nie. Nee, daar moet 'n onblusbare passie en ywer in ons wees om God te soek en in ons lewens te verheerlik. Mattheüs 5:6 stel dit duidelik:

Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.

Petrus sluit verder hierby aan wanneer hy sê ... *verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroeï* (1 Petr. 2:2).

'n Menslike aksie is ook nodig

Dit is dus baie duidelik in die Bybel opgeteken dat 'n menslike

aksie nodig is vir geestelike groei om te gebeur. Dis soos om werk te soek. Jy gaan egter nie geholpe raak as jy nie 'n CV opstel nie, as jy nie daardie CV by moontlike werkgewers afgee nie en as jy jouself nie op sosiale media of van deur tot deur bemark nie. Jou lewe moet dus ingerig word om voortdurend God se aangesig op te soek en om in sy teenwoordigheid te wil wees. Doen dit deur jou Bybel te bestudeer, nie net te lees nie, gaan kerk toe, maak nie saak wie die predikant is nie en bid voortdurend. Wat verder hiervan interessant is, is dat geestelike groei definitief sal plaasvind indien jy daarna op soek is. God is baie duidelik in sy Woord hieroor (vgl. weer Mt. 5:6).

Neem geestelike voedsel in

Net soos wat my liggaam voedsel nodig het om optimaal te funksioneer, is voedsel in my geestelike lewe noodsaaklik om elke dag nader aan God te beweeg. Ek moet daarna streef dat my daaglikse woorde, dade en gedagtes my nader aan die Here bring en dat Hy deur my optrede verheerlik word. Ek moet geestelike voedsel inneem sodat my wankelrige babatreetjies in die geloof stadig maar seker kan oorgaan in 'n stewige pas om God se wedloop hier op aarde

met volharding te hardloop. En soos menige atleet weet, is dit baie makliker en lekkerder om 'n oefenmaat te hê om jou te help om jou ideale te bereik. Moet dus nie hierdie oefening in geestelike groei alleen aanpak nie. Doen dit saam met die beste oefenmaat van alle tye, Jesus Christus. Deur Hom is dit moontlik, want: *Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee* (Filip. 4:13).

Dit neem tyd

Geestelike groei is natuurlik nie iets wat in een dag gebeur nie. Dit neem tyd en moet geoefen word. Die woordjie "groeï" dui juis op voortdurende vooruitgang. 'n Mens groei tog mos nie binne 'n week tot volwassenheid nie. Moet dus nie moedeloos word as jou geestelike vordering nie vinnig genoeg na jou sin gebeur nie. Wees geduldig. Net soos wat ek my liggaam oefen om aan 'n wedloop deel te neem, moet ek my daaglik in die geloof oefen. *Maar julle geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid en julleself in die liefde van God bewaar ...* (Jud. v. 20). Ek moet dus onder die geklank van God se Woord kom en bly. Ek moet nie maar net afskeptydjies in sy teenwoordigheid spandeer nie, maar kwaliteittyd.

Waarom is geestelike groei noodsaaklik?

In sy boekie *Hoe om geestelik te groei?* gee ds. Martiens Botha vier redes waarom 'n mens daarna moet streef om geestelik te groei:

- Ons moet meer van die rykdom van Christenwees beleef namate ons persoonlike verhouding met Christus verdiep en inniger word.
- Ons moet toegerus word om met groter bekwaamheid aan die opbou van Christus se kerk mee te werk.
- Ons moet daarna streef om met groter ywer en vaardigheid

die evangelie van Christus uit te dra om sodoende God se koninkryk uit te brei.

- Ons moet God al hoe meer deur ons hele lewe verheerlik.

Hoe kry ek dit reg?

Neem God op sy woord en rig jou lewe daarvolgens in. Doen alles wat God van jou verwag. Deur sy Gees sal Hy jou daartoe help. Gawes wat ek vir die diens van die Here en in belang van my naaste gee, bring groot seën en groeikrag mee.

Verkondig die goeie nuus van verlossing in Christus. God praat met elke gelowige deur

die Bybel. Maak dus erns met jou Bybelstudie.

Onthou: *Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag* (Jak. 5:16).

Liewe Pa en Ma

- Jou kinders se geestelike welstand is die belangrikste belegging wat jy kan maak. Kom jou verantwoordelikheid na.
- Praat met jou kinders oor die Here – tydig én ontydig.
- Begelei jou kinders in hul geestelike groei. Hulle moet in jou optrede kan sien dat jy die Here liefhet. Hulle het goeie mentors nodig. ☺

◀ Vervolg vanaf bl. 34

Eensydige amnestie en die onderhandelinge van die 90's

ook) wat by die gewelddadige konflik van die verlede betrokke was. Die ANC was met sy rug teen die muur en sou dit nie kon weier nie. Coetsee het dit egter afgeskiet. Hy wou dit nog as bedinging vorentoe gebruik. Daarop is vrywaring aan al die beskuldigdes in die Vula-saak verleen sonder dat die onderwerp van algemene amnestie ooit weer aangeroei is.

Een van die min sake wat De Klerk toegee wat swak onderhandel is, was amnestie. In sy boek, *Die laaste trek*, skryf hy: “Die manier waarop ons die kwessie van amnestie hanteer het, was waarskynlik ons grootste mislukking gedurende die onderhandelingsproses.” Niel Barnard, detydse hoof van die Nasionale Intelligensiediens, skryf in sy boek, *Vreedsame Revolusie*, oor amnestie: “Ek kan steeds moeilik my wrewel oorkom oor Kobie Coetsee se slimghede

wat ons amptenare op die ou end weerloos gelaat het. Sy beterweterigheid het ons, soos voorheen, duur te staan gekom.”

Die gevolge is dat amnestie eensydig hoofsaaklik aan die ANC/SAKP gegee is. Aan die ANC-kant het meer as 20 000 lede amnestie gekry en is vrygelaat voor die Waarheidskommissie nog tot stand gekom het. Die ANC het dit geëis voor hy bereid was om verder te onderhandel.

Robert McBride is byvoorbeeld skuldig bevind aan drie moorde by die Magoo's Bar, maar het amnestie gekry en loop vry rond. Dirk van Eck, 'n onderwyser van Messina en sy gesin het op 'n Sondagmiddag by Koos de Nysschen se gesin op hul plaas gaan kuier. Hulle het 'n wildrit onderneem met die mans voor in die bakkie en die vrouens en kinders agterop. Op die plaaspad

het hulle 'n landmyn afgetrap wat deur Mzondeleli Nondula, 'n ANC-lid, geplant is. Al twee die vrouens agterop die bakkie en vier kinders is dood. Die kinders was tussen twee en agt jaar oud.

Nondula is ter dood veroordeel. Mandela het self in 1992 die nuus van hul onderhandelde amnestie aan Nondula en 150 ANC-lede in die tronk oorgedra. Nondula het ná 1994 'n loopbaan in die weermag gevolg en is as 'n ANCheld en vryheidsvegter met sy dood in 2022 gehuldig.

Daarteenoor is twee oudlede van die Veiligheidspolisie onlangs aan moord in 1987 (amper 40 jaar gelede) skuldig bevind en wag om gevonnissen te word. Een lid dien reeds 15 jaar tronkstraf uit. Nog 150 ander wag om vervolgt te word volgens die Minister van Justisie, Mmamoloko Kubayi. Dubbele standarde wat my bloed laat kook. ☹

SMELTOOND

• Mei 2026 •

Deur Jaco Kleynhans



Christene in Iran vra vir ons gebede en optrede

Hoop en vrees – só beskryf Christene in Iran die afgelope tyd se gebeure in hul land. Die Christenbevolking in Iran, wat lank voor Islam in die streek bestaan het, verkeer reeds vir jare onder toenemende druk. Die onlangse konflik het vir sommige 'n sprinkel hoop op hervorming, groter vryhede en meer regte beteken. Vir baie ander wek dit egter ernstige kommer dat hulle, soos Christene in Irak en Sirië, in 'n land wat deur groter chaos en verval gekenmerk word, 'n sagte teiken vir ekstremiste kan word.

Iran het eintlik twee hoofgroepe Christene. Die eerste is die Assiriërs en Armeniërs van noordwes-Iran, wat sedert die vroeë Christelike tyd in die gebied woon. Reeds in Handeling word daar na die Persiërs (in hierdie geval waarskynlik Assiriërs) verwys. Oor die eeue heen het Christene met tye tot soveel as 20% van die bevolking van Persië (hedendaagse Iran) uitgemaak. Vandag verteenwoordig hulle waarskynlik minder as 1% van die bevolking.

Volgens Handeling 2 was daar Parthers, Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotamië/Persiese Ryk (vgl. v. 9) teenwoordig toe die Heilige Gees uitgestort is. Apostels soos Thomas, Thaddäus en Bartholoméus het na Persië gereis en die evangelie verkondig. Teen die derde eeu het die kerk van die Ooste (Assiriese Christene) stewig in die Sasanidiese Ryk gevestig geraak, ondanks vervolging deur Zoroastriese priesters.

Ná die Arabiese verowering in 637 het Christene 'n mate van beskerming geniet, alhoewel hulle swaar belas is en hul godsdienstige

aktiwiteite streng beperk is. Onder die Safawiede (vanaf die 16de eeu) het Armeniërs in groot getalle na Iran verhuis en sterk groeiende gemeenskappe in onder meer Isfahan en Teheran gevestig. Hierdie erkende minderhede – Armeniërs en Assiriërs – het hul eie kerke en skole behou en oor die eeue heen tot die ryk Persiese kultuur bygedra.

Benewens hierdie antieke Assiriese en Armeense Christenbevolkings, wat spesiale beskerming in Iran geniet en grootliks toegelaat word om hul geloof te beoefen (met die uitsondering van sendingwerk en pogings om nie-Christene te bekeer), is daar ook 'n vinnig groeiende nuwe Christenbevolking in Iran.

Oor die afgelope twee tot drie dekades het honderde duisende Irannese, meestal Moslems, hulle tot die Christendom bekeer – iets wat in sommige gevalle met die dood strafbaar is. Daar is 'n ongekende belangstelling in die Christendom en die Bybel in Iran, en mense stel hul lewens in gevaar om Bybels in die hande te kry of om in die geheim kerkdienste by te woon. Terwyl die getalle Assiriërs en Armeniërs, veral weens emigrasie afneem, neem die getal nuwe bekeerlinge reeds toe.

Sedert die Islamitiese Rewolusie van 1979 het die posisie van Christene in Iran dramaties versleg. Veral Moslems wat tot bekering gekom het, word aktief vervolgt. Volgens Geopende Deure se jongste wêreldlys van Christenvervolging tel Iran onder die tien lande waar Christene die ergste vervolgt word.

Daar bestaan geen volledig betroubare data oor die aantal

Christene wat daar werklik vandag in Iran is nie. Terwyl die Assiriese en Armeense bevolkings waarskynlik saam tot minder as 200 000 afgeneem het, dui verskeie berigte en navorsing daarop dat daar moontlik tussen 500 000 en een miljoen Christene in Iran kan wees. Dit beteken egter dat honderde duisende Irannese tot die Christendom bekeer het. Ironies genoeg blyk dit dat hoe meer die regime die Christendom probeer onderdruk, hoe meer mense hulle tot die Christelike geloof wend.

Die Midde-Ooste, die geboorteplek van die Christendom, huisves jaar ná jaar minder Christene. Aan die begin van die 20ste eeu was byna 20% van die streek se bevolking Christene. Vandag is dit minder as 5%.

Terwyl Christene uit lande soos Irak en Sirië vlug weens geweld en vervolging, verlaat ander Christene in die streek hul lande weens ekonomiese druk en beter geleenthede in Europa en die VSA.

Midde-Oosterse Christene is nie net om historiese of sentimentele redes vir ons vandag belangrik nie. As gelowiges is ons almal deel van die een liggaam van Christus. Wanneer een lid ly, ly almal (vgl. 1 Kor. 12:26). Christene in Iran en in die breër Midde-Ooste herinner ons ook aan die werklikheid van toenemende vervolgte kerke en die noodsaaklikheid van groter internasionale bewustheid en druk – ook vanuit kerke.

Irannese Christene vra vir ons aandag, ons gebede en ons optrede. Daar was nog nooit 'n beter tyd as nou om ons aandag hierop te fokus nie. ☺



www.onswinkel.co.za



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

WERKSYN



Die **ONS WINKEL-**
konsessienetwerk skep
HOOP met samewerking en
tweedehandse skenkings.



ONS WINKEL



Lees 1 Johannes 2:15-17

EERSTE DING EERSTE

*Waarna is jy op soek
verdwaalde ou hart?
Stralend wandel jou oë
na sy sondige vermoë
en bring voort baie kommer,
waarin jou siel verhonger.*

Hierdie gedig vertel van die groot tragedie waarin die mens geval het. 'n Tragedie is wanneer 'n mens deur een of ander hartseer gebeurtenis platgeslaan word. Ons groot tragedie is die sondeval toe Adam en Eva teen die wil van God oortree het. Hulle het weggeval van die lieflike verhouding met die HERE en hulle eie sondige hart gevolg.

Dit is ook nie anders met ons vandag nie. As sondaars met verdwaalde harte wil ons eerder ons eie sondige wil volg: Elke keer

wanneer ons aan ons ouers of onderwysers ongehoorsaam is, elke keer wat ons lieg en bedrieg, elke keer wanneer ons besluit om eerder by die huis te bly as om die Here te ontmoet. In al hierdie gevalle is ons besig om ons sondige wil bo die wil van die Here te plaas.

Dit is nie wat God van sy kinders begeer nie. In die eerste gebod roep die HERE ons om Hom die eerste en belangrikste in ons lewe te maak. God het ons gemaak en geroep om as sy kinders sy Naam in hierdie wêreld te eer. Hoe kan ons as sondaars dit ooit regkry? Hoe kan ek as kind van die Here geestelik groei?

*Hoe word jy verlei,
gedompel in jou smart.*

*Het jy miskien vergeet,
dat jy Christen heet?
Luister na die herinnerings
van die Woord se versekerings.*

Deur die bloed van Jesus Christus word kinders van die Here van hul sonde gereinig. Jesus Christus het ons skoon gewas sodat ons God met ons hele hart, siel en verstand kan liefhê. Ons word deur die Heilige Gees geheilig as kinders wat in die geloof groei.

Geestelike groei is deel van God se genadewerk. Genade verwys na 'n gawe of geskenk wat die mens uit die hand van God ontvang, maar nie verdien nie. Die Here het uit sy grote guns die mens van die kwaad verlos en in sy verbond terug gebring.

Hierdeur word ons geleer om nie op ons eie menslike krag en uithouvermoë te vertrou nie. Ons krag raak vinnig min en ons sterkte krimp weg. Maar deur die werk van die Heilige Gees groei ons in krag en sterkte. Daarom:

*Leer om tweede dinge
uit die hart te snoei.
Die sonde wat bly klewe,
beïnvloed die aardse strewende.
Ons is geroep om te nader,
tot ons lieflike hemelse Vader.*


“Tweede dinge” verwys na alle wêreldse dinge. In 1 Johannes 2:15-17 vertel die apostel dat ons nie die wêreld of die dinge in die wêreld moet liefhê nie. Om geestelik te groei, beteken om alle wêreldse dinge tweede te plaas. Want ons hemelse Vader weet wat ons nodig het en Hy sal daarin voorsien.


Ons moet leer om eerder na die Heilige Gees as na ons sondige harte te luister. Ons sondige harte wil ons verlei van die mooi verhouding wat ons met die Here kan hê. Die Heilige Gees leer ons om God lief te hê.

Geestelike groei gebeur nie net op een oomblik in die lewe nie. Dit gebeur elke dag in ons verhouding met die Here. Dit gebeur wanneer ons elke dag die Woord bestudeer en bid; elke dag ons sondes voor die Here bely; elke dag sy wil bo alles soek. Mag die Gees van God in ons werk dat ons as sy kinders Hom as die eerste en die laaste sal aanbid.

*Eerste dinge eerste,
verdwaalde ou hart.
Leer om slegs te soek,
na kosbaarheid in Gods Boek.
Daarin leer die siel se tent,
om hom tot God te wend.*

Toe steek Moses sy hand oor die see uit, en die HERE het deur
'n sterk oostewind die see laat wegvloei ... (Ex. 14:21)





Die Mosaïese verbond (4)

In Génesis 12 lees ons hoe die HERE 'n verbond met Abraham sluit waardeur Hy Abraham twee dinge belowe: 'n groot nageslag en die land Kanaän as besitting.

God hou sy belofte van 'n groot nageslag. Al kon Sara nie kinders kry nie en al was sy en Abraham reeds baie oud, word Isak vir hulle gebore. God is 'n getroue God en sy belofte van 'n groot nageslag vir Abraham gaan verder in vervulling met Isak se seun Jakob en die twaalf seuns wat vir hom gebore word. Volgens God se raadsplan, sy besluite van ewigheid af oor alles wat in die geskiedenis gebeur, beland Jakob se seun Josef in Egipte. Die HERE het 'n groot plan met hierdie gebeurtenis gehad.

Daar sou 'n groot hongersnood oor die hele aarde kom waaroor die koning van Egipte gedroom het en wat Josef, met God se hulp, uitgelê het. Farao was baie beïndruk met Josef en maak hom onderkoning van Egipte. Josef het dadelik begin om kos in Egipte op te gaar. Toe sy vader Jakob en sy broers nie meer kos gehad het waar hulle gewoon het nie, kon Josef hulle help. So gebeur dit dat Jakob en sy seuns almal in Gosen, 'n provinsie in Egipte, kom woon. Die farao van daardie tyd was hulle baie goedgesind.

God het sy belofte van 'n groot nageslag onthou en die Israëliete of Hebreërs, soos Jakob se nageslag genoem is, het ná 400 jaar in Egipte 'n groot volk geword.

Die nuwe farao's, wat niks van Josef en sy goeie dade geweet het nie, was bekommerd oor hierdie groot en sterk volk in hul eie land en het begin om hulle as slawe te mishandel. Hulle het selfs opdrag gegee dat Israelitiese seuntjies in die Nylrivier verdrink word om te keer dat die Israeliete nóg meer en sterker word.

Weer onthou die HERE sy belofte – dié een om die land Kanaän aan Abraham se nageslag te gee. God stuur Moses as verlosser om sy volk uit die hand van Farao te red sodat hulle die land wat Hy aan Abraham belowe het, kan verkry. Deur groot wonderwerke red die HERE sy volk uit Egipte en lei hulle na die berg Sinai, waar Hy 'n verbond met hulle sou sluit.

Die HERE het met Moses van die berg Sinai af gepraat: “Julle het self gesien wat Ek met die Egiptenaars gedoen het. Ek het julle beskerm en gedra soos 'n arend haar kleintjies op haar vlerke dra. Ek het julle na My toe gebring. As julle nou gehoorsaam is en doen wat Ek sê, en as julle my verbond hou, dan sal julle my eie volk wees, want die hele aarde is Myne” (Eks . 19:4-5; Bybel vir almal). Moses het God se woorde aan die volk oorgedra.

Toe sluit die HERE sy verbond met sy volk deur tien gebooi wat Hy

self op twee kliptafels geskryf het. Die hele volk het belowe dat hulle God se wet (die Tien Gebooi) sal gehoorsaam. Die belofte is verseël met 'n altaar (wat God verteenwoordig) en twaalf gedenkstene (wat die 12 stamme van Israel verteenwoordig).

Die volk het osse aan God geoffer. Die helfte van die bloed van die osse is op die altaar gegooi. Daarmee het die HERE belowe dat Hy sy belofte sal nakom – soos Hy ook in Génesis 15 belowe het toe Hy deur die geslagte diere deurgegaan het. Moses het toe die res van die bloed oor die Israeliete gegooi waarmee hulle belowe het om die verbond te hou. Die verbondsluiting is met 'n verbondsete op die berg Sinai, voor die aangesig van die HERE, afgesluit. So het God én Israel belowe om hierdie verbond na te kom.

Wat was die doel van die Mosaïese verbond, soos ons dit noem? Hierdie verbond moes vir Israel wys hoe hulle in die Beloofde Land, Kanaän, moet leef. As hulle gehoorsaam was aan God se wet, sou Hy hulle in Kanaän seën en beskerm. As hulle ongehoorsaam was, sou God hulle straf en hulle uit Kanaän uit verdryf.

(1) Soek en omkring al die woorde wat in die blokkie versteek is. (2) Die “ongebruikte” letters spel ’n Bybelteks uit. Skryf die letters in die onderstaande spasies en ontsyfer die Bybelteks.

S	O	E	K	E	E	D	G	G	S	A	L	O	M	O	K	R
S	D	I	E	K	N	N	I	O	N	I	N	D	I	E	W	E
K	R	Y	K	O	A	L	V	H	A	R	T	A	N	T	E	G
G	G	O	O	H	R	L	I	E	F	H	E	D	O	E	L	E
R	N	S	N	E	M	L	E	N	G	T	E	M	Y	G	E	N
A	R	A	V	E	G	A	T	H	E	I	D	E	N	E	I	O
S	A	G	O	H	B	E	M	I	D	S	E	K	N	S	A	E
L	B	H	E	I	Y	A	E	M	R	D	T	I	L	E	K	G
A	E	D	D	I	G	A	V	K	O	N	G	E	E	E	S	A
R	K	S	S	L	E	R	E	W	V	N	O	S	E	R	R	G
B	L	P	E	D	V	D	R	A	I	V	E	R	E	L	O	E
E	E	I	L	I	O	E	N	A	A	I	B	K	O	O	R	J
I	E	N	G	N	E	V	I	D	L	N	N	S	U	E	L	L
E	B	Y	G	G	G	M	E	E	I	O	T	E	K	V	S	P
O	E	G	W	E	A	A	L	R	D	O	R	R	D	U	M	K
W	E	L	J	H	A	A	T	U	A	L	L	E	E	A	R	D
S	K	A	T	T	E	I	M	U	S	G	N	I	L	K	E	E

SOEKWOORDE: KWELLINGE OOR DIE LEWE

AANHANG	HEIDENE	OOG
AANTREK	INBREEK	ROND
AARDE	KLERE	ROES
ARBEI	KWAAD	SALOMO
BEKLEE	KWEL	SKATTE
BYGEVOEG	LAMP	SKURE
DIEWE	LELIES	SPIN
DINGE	LENGTE	STEEL
DONKER	LIEFHE	VERAG
GENOEG	LIGGAAM	VERLIG
GRAS	MAAI	VERNIEL
HAAT	MAMMON	VOEDSEL
HART	MOT	VOELS



Antwoorde

Opgestel deur Daleen Pienaar

A close-up photograph of a simple wooden cross resting on an open Bible. The Bible is open to a page with text in two columns, and the cross is positioned diagonally across the center. The lighting is warm and soft, highlighting the texture of the wood and the paper.

'n Liefdesbrief

Ds. Marno Steyn¹

As kind het ek en my ouma gereeld vir mekaar briewe gestuur. Wanneer ek haar brief ontvang het, het alles stilgestaan. Dit was vir daardie oomblik die opwindendste ding in my lewe. Ek sou die brief dan sommer drie keer deurlees en ontleed om seker te maak dat ek presies verstaan wat sy vir my wil vertel. Wanneer ek so met die brief besig was, het ek vir daardie oomblik baie naby aan haar gevoel.

Dieselfde, maar nog beter, gebeur wanneer 'n mens die Bybel lees. Onthou, God praat nie meer met ons soos in die Ou Testament nie. Ons kry nie meer spesiale boodskappe van Hom af nie. Hebreërs 1:1 sê duidelik dat God met ons deur sy Seun praat. Johannes 1 leer ons dat Jesus Christus die Woord is, met ander woorde, God spreek met ons deur die Bybel. Ons kan sê dat die Bybel een lang brief van Hom aan sy kinders is.

Ons skrik soms as ons sien hoe dik die Bybel is. Dan verloor ons maklik moed. Tog vind ons juis vreugde in die lengte van die Bybel. Toe ek daardie briewe van my geliefde ouma gekry het, was ek meer opgewonde wanneer dit lang briewe was. Ek wou net meer en meer lees.

Wanneer God vir ons so 'n lang Liefdesbrief gee, is ons baie opgewonde om dit te lees.

Jy moet egter besef dat hierdie Brief harde werk gaan vereis, maar dit sal geheel en al die moeite werd wees. Jy gaan baie vreugde beleef as jy hierdie brief goed bestudeer.

ONTHOU NET: OM BYBEL TE LEES, RED JOU NIE

Jy kan hierdie Brief soveel keer lees as wat jy wil en so goed ontleed as wat jy wil, dit sal jou nie red nie. Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus herinner ons dat Jesus Christus ons enigste troos is. Hy alleen kan ons red. Ons redding lê nie in hoeveel keer per maand ons Bybel gelees het nie.

As jy jou Bybel lees in die hoop dat dit jou sal red, sal dit altyd moeite wees om die Bybel te lees. Jy sal nooit vreugde daarin vind nie. Dit sal 'n wet word wat jy nie kan hou nie. lewers sal jy 'n aand oorslaan, en wat dan?

Onthou egter hoe jy gered word. Dan word dit 'n vreugde om die Bybel te lees en te bestudeer. Dit is nou nie meer 'n vereiste om gered te word nie. Dit is 'n Liefdesbrief wat die Bruidegom in sy goedheid aan sy bruid geskryf het sodat sy Hom beter kan leer ken. Dan word dit die opwindendste ding vir jou. Dan word dit lekker om jou Bybel te lees. Hoe meer jy dit lees, hoe meer sal jy die Here leer ken en verstaan.

HOE OM TE LEES

Wanneer jy hierdie vreugde in die lees van die Bybel vind, sal jy dit dadelik en gereeld wil lees. Moet egter nie vergeet wie die Skrywer van hierdie brief is nie. Dit is 'n Brief van die Koning van die heelal. Daarom moet jy dit met eerbied lees, maar ook met geloof en vertroue in Christus wat jou vrygekoop het. Hy is die enigste Een wat harte kan oopmaak.

Daar moet ook 'n opregte begeerte by jou wees om deur God geleer te word. Lees met die doel om dit wat jy lees, in jou lewe toe te pas. Laastens, vra in gebed dat God jou sal help. Jy kan niks hiervan op jou eie doen nie.

1. Leraar van die AP Kerk Bethal.